# DIE EERSTE KRONIEKEBOEK VAN DIE HANDELINGE VAN DIE KONINGS

| | | |
|---|---|---|
| **Outeur** | **:** | **Onbekend** |
| **Aan** | **:** | **Isrhael** |
| **Rede** | **:** | **Om hulle tot Aleim te bekeer** |
| **Geskryf tussen** | **:** | **480 BCE +-** |

**Voorwoord.**
Na ‘n reeks geslagregisters (1-9) waaruit blyk dat IEUE Sy beloftes van 1ste Mouse. 1: 28 en 12:2 gehou het, word gebeure wat reeds in Samouel en Konings beskryf is, oor vertel. Ander gegewens word bygebring om die besondere boodskap wat in die boek na vore kom, te beklemtoon: die goeie sorg van Aleim vir Sy volk onder die leiding van koning Dauid en sy nasate. In die boek val die klem sterk op wat Dauid gedoen het vir die tempeldiens in Jerusalem.

## Die Familie van Adam – Van Seth tot Esau.

**1** Adam, Seth, Anavash,
2 Kenan, Mahalálel, Iered,
3 Henog, Metúsalag, Lameg,
4 Noe, Sem, Gam en Iafet.
5 Die seuns van Iafet was: Gomer en Magog en
Madai en Iawan en Tubal en Meseg en Tiras.
6 En die seuns van Gomer was: Askenas en Rifat
en Togárma.
7 En die seuns van Iawan was: Elísa en Tarsísa,
die Kittiërs en Rodaniete.
8 Die seuns van Gam was: Kus en Misráim, Put
en Kanaän.
9 En die seuns van Kus was: Seba en Hawíla en
Sabta en Raéma en Sábtega; en die seuns van
Raéma was: Skeba en Dedan.
10 En Kus was die vader van Nimrod; hy het
begin om 'n geweldenaar op die aarde te wees.
11 En Misráim was die vader van die Ludiete en
Anamiete en Lehabiete en die Naftuhiete,
12 en die Patrusiete en Kasluhiete--waaruit die
Filistyne voortgekom het--en die Kaftoriete.
13 En Kanaän was die vader van Sidon, sy
eersgeborene, en Het
14 en die Jebusiete en Amoriete en Girgasiete,
15 en die Hewiete en Arkiete en Siniete,
16 en die Arwadiete en Semariete en Hamatiete.
17 Die seuns van Sem was: Elam en Assur en
Arpágsad en Lud en Sirie en Us en Hul en Geter
en Meseg.
18 En Arpágsad was die vader van Selag, en
Selag van Heber.
19 En vir Heber is twee seuns gebore; die naam
van die een was Peleg, want in sy dae het die
aardbewoners verdeeld geraak; en sy broer se
naam was Ioktan.
20 En Ioktan was die vader van Almódad en Selef
en Hasarmáwet en Ierag,
21 en Hadóram en Usal en Dikla,
22 en Ebal en Abímael en Skeba,
23 en Ofir en Hawíla en Iobab. Hulle almal was
seuns van Ioktan.
24 Sem, Arpágsad, Selag,
25 Heber, Peleg, Rehu,
26 Serug, Nahor, Tera,
27 Abram; dit is Abraam.
28 Die seuns van Abraam was Isaak en Ismael.
29 Dit is hulle geslagsregister: die eersgeborene
van Ismael was Nebaiot, en Kedar en Adbeël en
Mibsam,
30 Misma en Duma, Massa, Hadad en Tema,
31 Ietur, Nafis en Kedma; hulle was die seuns
van Ismael.
32 En die seuns van Ketúra, die byvrou van
Abraam. Sy het gebaar: Simran en Joksan en
Medan en Mídian en Iisbak en Suag. En die seuns
van Joksan was Skeba en Dedan.
33 En die seuns van Mídian was: Efa en Efer en
Henog en Abída en Éldaä. Hulle almal was seuns
van Ketúra.
34 En Abraam was die vader van Isaak. Die seuns
van Isaak was Esau en Isrhael;
35 die seuns van Esau: Élifas, Réhuel en Iehus en
Iaelam en Korag.
36 Die seuns van Élifas was: Teman en Omar,
Sefi en Gáetam, Kenas en Timna en Amalek.
37 Die seuns van Réhuel was: Náhat, Serag,
Samma en Missa.
38 En die seuns van Seïr was: Lotan en Sobal en
Síbeon en Ana en Dison en Eser en Disan.
39 En die seuns van Lotan was Hori en Homam;
en die suster van Lotan was Timna.
40 Die seuns van Sobal was: Alian en Manáhat en
Ebal, Sefi en Onam; en die seuns van Síbeon was
Aia en Ana.
41 Die seuns van Ana was: Dison; en die seuns
van Dison was: Hamran en Esban en Itran en
Keran.
42 Die seuns van Eser was: Bilhan en Sááwan en
Iaakan. Die seuns van Disan was Us en Aran.
43 En dit is die konings wat in die land Edom
geregeer het voordat daar 'n koning oor die
kinders van Isrhael geregeer het: Bela, die seun
van Beor; en die naam van sy stad was Dinhába;
44 en Bela het gesterwe, en in sy plek het
geregeer Iobab, die seun van Serag, uit Bosra.
45 En Iobab het gesterwe, en Husam, uit die land
van die Temaniete, het in sy plek geregeer.
46 En Husam het gesterwe, en Hadad, die seun
van Bedad, wat die Midianiete in die veld van

Moab verslaan het, het in sy plek geregeer; en die naam van sy stad was Awit.
47 En Hadad het gesterwe, en Samla uit Másreka het in sy plek geregeer.
48 En Samla het gesterwe, en Saulo uit Réhobot, aan die rivier, het in sy plek geregeer.
49 En Saulo het gesterwe, en Baäl-Hánan, die seun van Akbor, het in sy plek geregeer.
50 Nadat Baäl-Hánan gesterf het, het Hadad in sy plek geregeer; en die naam van sy stad was Pahi; en die naam van sy vrou was Mehetábeël, die dogter van Matred, die dogter van Mésahab.
51 Toe Hadad gesterf het, was die vorste van Edom: die vors Timna, die vors Alia, die vors Ietet,
52 die vors Oholibáma, die vors Ela, die vors Pinon,
53 die vors Kenas, die vors Teman, die vors Mibsar,
54 die vors Mágdiël, die vors Iram; dit was die vorste van Edom.

## Die Familie van Isrhael.

**2** Dit is die seuns van Isrhael: Rhuben, Símeon, Leui en Juda, Issaskarh en Sébulon,
2 Dan, Ioseph en Beniamin, Náftali, Gad en Aserh.
3 Die seuns van Juda was: Erh en Onan en Sela, drie vir hom gebore uit die dogter van Sua, die Kanaänitiese vrou; en Erh, die eersgeborene van Juda, het IEUE mishaag, daarom het Hy hom laat sterwe.
4 En Tamar, sy skoondogter, het vir hom Peres en Serag gebaar. Al die seuns van Juda was vyf.
5 Die seuns van Peres was Hesron en Hamul.
6 En die seuns van Serag was: Simri en Etan en Heman en Kalkol en Dara; almal saam vyf.
7 En die seuns van Karmi was: Agar, wat Isrhael in die ongeluk gestort het deurdat hy hom vergryp het aan die bangoed.
8 En die seuns van Etan was Asaria.
9 En die seuns van Hesron wat vir hom gebore is, was Ieragmeel en Ram en Kelúbai.
10 En Ram was die vader van Ammínadab, en Ammínadab van Nagson, die vors van die kinders van Juda.
11 En Nagson was die vader van Salma, en Salma van Boas;
12 en Boas van Obed, en Obed van Isai;
13 en Isai was die vader van Elíab, sy eersgeborene, en van Abinádab, die tweede, en Símea, die derde;
14 van Netáneël, die vierde, van Ráddai, die vyfde,
15 van Osem, die sesde, van Dauid, die sewende.
16 En hulle susters was Seruia en Abígail. En die seuns van Seruia was: Abísai en Ioab en Asahel, drie.
17 En Abígail het Amása gebaar; en die vader van Amása was Ieter, die Ismaeliet.
18 En Kaleb, die seun van Hesron, het by sy vrou Asúba Ieriot verwek. En dit is haar seuns: Ieser en Sobab en Ardon.
19 Toe Asúba gesterf het, het Kaleb vir hom Efrat geneem en sy het vir hom Hur gebaar.
20 En Hur was die vader van Uri; en Uri van Besáleël.
21 Daarna het Hesron gegaan na die dogter van Magir, die vader van Gílead; en hy het haar geneem toe hy sestig jaar oud was; en sy het vir hom Segub gebaar.
22 En Segub was die vader van Iair, en hy het drie en twintig stede in die land Gílead gehad.
23 En Gésur en Sirie het die Iairsdorpe van hulle afgeneem, en Kenat met sy onderhorige plekke, sestig stede; hulle almal was seuns van Magir, die vader van Gílead.
24 En ná die dood van Hesron in Kaleb-Éfrata het Abía, die vrou van Hesron, vir hom ook Asgur, die vader van Tekóa, gebaar.
25 En die seuns van Ieragmeel, die eersgeborene van Hesron, was: die eersgeborene Ram; verder Buna en Oren en Osem uit Ahía.
26 Ieragmeel het nog 'n ander vrou gehad met die naam van Atára; sy was die moeder van Onam.
27 En die seuns van Ram, die eersgeborene van Ieragmeel, was Maäs en Iamin en Eker.
28 En die seuns van Onam was Sámmai en Iada; en die seuns van Sámmai: Nadab en Abísur.
29 En die naam van die vrou van Abísur was Abíhail; en sy het vir hom Agban en Molid gebaar.
30 En die seuns van Nadab was Seled en Appáim; en Seled het gesterwe sonder kinders.
31 En die seuns van Appáim was Iisei; en die seuns van Iisei was Sesan; en die seuns van Sesan, Aglai.
32 En die seuns van Iada, die broer van Sámmai, was Ieter en Ionatan; en Ieter het gesterwe sonder kinders.
33 En die seuns van Ionatan was Pelet en Sasa. Dit was die seuns van Ieragmeel.
34 En Sesan het nie seuns gehad nie, net dogters; en Sesan het 'n Egiptiese dienaar gehad met die naam van Iarha;
35 en Sesan het sy dogter aan sy dienaar Iarha as vrou gegee; en sy het vir hom Attai gebaar.
36 En Attai was die vader van Natan, en Natan van Sabad;
37 en Sabad van Eflal, en Eflal van Obed;
38 en Obed van Iehu, en Iehu van Asaria;
39 en Asaria van Heles, en Heles van Eleása;
40 en Eleása van Sísemai, en Sísemai van Sallum;
41 en Sallum van Iekamia, en Iekamia van Elisáma.
42 En die seuns van Kaleb, die broer van Ieragmeel, was Mesa, sy eersgeborene--hy was die vader van Sif--en die seuns van Marésa, die vader

van Hebron.
43 En die seuns van Hebron was: Korag en Tappúag en Rekem en Sema.
44 En Sema was die vader van Raham, die vader van Iorkeam; en Rekem van Sámmai.
45 En die seun van Sámmai was Máon; en Máon was die vader van Bet-Sur.
46 En Efa, die byvrou van Kaleb, het Haran en Mosa en Gases gebaar; en Haran was die vader van Gases.
47 En die seuns van Iohdai was: Regem en Iotam en Gesan en Pelet en Efa en Saäf.
48 Die byvrou van Kaleb, Máága, het Seber en Tírhana gebaar;
49 en sy het Saäf gebaar, die vader van Madmánna, Sewa, die vader van Magbéna en die vader van Gíbea; en die dogter van Kaleb was Agsa.
50 Dit was die seuns van Kaleb. Die seuns van Hur, die eersgeborene van Éfrata, was Sobal, die vader van Kiriat-Ieárim,
51 Salma, die vader van Betlehem, Haref, die vader van Bet-Gader.
52 En die seuns van Sobal, die vader van Kiriat-Iearim, was Hároë en die helfte van Menúgot.
53 En die geslagte van Kiriat-Ieárim was: die Itriete en Putiete en Sumatiete en die Misraïete; uit hulle het die Soreatiete en Estaoliete voortgekom.
54 Die seuns van Salma was: Betlehem en die Netofatiete, Atrot-Bet-Ioab en die helfte van die Managtiete, die Soreïete.
55 En die geslagte van die skrywers wat in Iabes gewoon het: die Tireatiete, die Simeatiete, die Sugatiete; dit is die Keniete wat van Hammat, die vader van die huis van Regab, afkomstig is.

## Die Familie van Dauid.

**3** Dit was die seuns van Dauid wat vir hom in Hebron gebore is: die eersgeborene Amnon, by Ahínoam, uit Isreel; die tweede Daniël, by Abígail, uit Karmel;
2 die derde Absalom, die seun van Máága, die dogter van Tálmai, die koning van Gésur; die vierde Adónia, die seun van Haggit;
3 die vyfde Sefatia, by Abítal; die sesde Itream, by sy vrou Egla.
4 Ses is vir hom in Hebron gebore waar hy sewe jaar en ses maande geregeer het; en drie en dertig jaar het hy in Jerusalem geregeer.
5 En die volgende is vir hom in Jerusalem gebore: Símea en Sobab en Natan en Sálomo, vier by Bat-Sua, die dogter van Ammiël.
6 Verder Ibhar en Elisáma en Elifélet
7 en Noga en Nefeg, en Iáfia
8 en Elisáma en Éliada en Elifélet, nege--
9 almal seuns van Dauid, behalwe die seuns van die byvroue; en Tamar was hulle suster.
10 En die seun van Solomon was Rehábeam; sy seun was Abía; sy seun was Asa; sy seun was Iosafat;
11 sy seun was Ioram; sy seun was Ahásia; sy seun was Ioas;
12 sy seun was Amásia; sy seun was Asaria; sy seun was Iotam;
13 sy seun was Agas; sy seun was Hiskía; sy seun was Manasse;
14 sy seun was Amon; sy seun was Iosia.
15 En die seuns van Iosia was: die eersgeborene Iohanan, die tweede Ioiakim, die derde Sedekía, die vierde Sallum.
16 En die seuns van Ioiakim was: Iegonia, sy seun, Sedekía, sy seun.
17 En die seuns van Iegonia was Assir; sy seun was Seáltiël;
18 verder Malkíram en Pedaia en Senassar, Iekamia, Hósama en Nedábia.
19 En die seuns van Pedaia was Serubbábel en Símeï; en die seuns van Serubbábel was: Mesúllam en Hanania; en Sélomit was hulle suster;
20 en Hásuba en Ohel en Beregia en Hasádia, Iusab-Hesed, vyf.
21 En die seuns van Hanania was Pelatia, sy seun was Isaia, sy seun was Refaia, sy seun was Arnan, sy seun was Obadia, sy seun was Segania.
22 En die seuns van Segania was Semaia; en die seuns van Semaia was: Hattus en Iígeal en Baríag en Nearia en Safat, ses;
23 en die seuns van Nearia was: Elioenai en Hiskía en Asríkam, drie;
24 en die seuns van Elioenai was: Hodawia en Eliásib en Peláia en Akkub en Iohanan en Delaia en Anáni, sewe.

## Die Familie van Juda.

**4** Die seuns van Juda was: Peres, Hesron en Karmi en Hur en Sobal.
2 En Reaia, die seun van Sobal, was die vader van Iahat, en Iahat van Ahúmai en van Lahad; dit is die geslagte van die Soreatiete;
3 en dit is die seuns van Etam: Isreel en Isma en Jidbas; en die naam van hulle suster was Hasselelpóni.
4 En Pnuel was die vader van Gedor, en Eser die vader van Husa. Dit is die seuns van Hur, die eersgeborene van Éfrata, die vader van Betlehem.
5 En Asgur, die vader van Tekóa, het twee vroue gehad: Hélea en Náára;
6 en Náára het vir hom Ahússam en Hefer en die Temeniete en die Ahastariete gebaar. Dit was die seuns van Náára.
7 En die seuns van Hélea was: Seret, Iesóhar en Etnan.
8 En Kos was die vader van Anub en Hassobéba en van die geslagte van Ahárhel, die seun van Harum.

9 En Iabes was meer geëerd as sy broers; en sy
moeder het hom Iabes genoem en gesê: Ek het
met smart gebaar.
10 En Iabes het die Aleim van Isrhael aangeroep
en gesê: As U my ryklik seën en my grondgebied
vermeerder en U hand met my sal wees en U die
onheil afweer, sodat my geen smart tref nie! En
Aleim het laat kom wat hy begeer het.
11 En Kelub, die broer van Suha, was die vader
van Mehir; hy is die vader van Eston.
12 En Eston was die vader van Bet-Ráfa en Paséag
en Tehínna, die vader van die stad Nahas; dit is
die manne van Rega.
13 En die seuns van Kenas was Otniël en Seraia;
en die seuns van Otniël: Hatat en Meonótai.
14 En Meonótai was die vader van Ofra, en Seraia
van Ioab, die vader van die Handwerkersdal, want
hulle was ambagsmanne.
15 En die seuns van Kaleb, die seun van Iefunne,
was: Iru, Ela en Naäm, en die seuns van Ela:
Kenas.
16 En die seuns van Iehálleleël was: Sif en Sifa,
Tíreia en Asáreël.
17 En die seuns van Esra was: Ieter en Mered en
Efer en Ialon; en dit is die seuns van Bitia, die
dogter van Farao, wat Mered as vrou geneem het;
en sy het swanger geword en gebaar: Miriam en
Sámmai en Isbag, die vader van Estemóa.
18 En sy Joodse vrou het gebaar: Iered, die vader
van Gedor, en Heber, die vader van Sogo, en
Iekútiël, die vader van Sanóag.
19 En die seuns van die vrou van Hodía, die
suster van Naham, die vader van Kehíla, was die
Garmiet, en Estemóa, die Maägatiet.
20 En die seuns van Shimown was: Amnon en
Rinna, Ben-Hánan en Tilon; en die seuns van Iisei
was Sohet en Ben-Sohet.
21 Die seuns van Sela, die seun van Juda was:
Erh, die vader van Lega, en Láeda, die vader van
Marésa, en die geslagte van die huis van die
linnewewers van die huis van Asbéa;
22 verder Iokim en die manne van Koséba en
Ioas en Saraf--hulle wat oor Moab geheers het--en
Iasubi-Léhem; maar die geskiedenisse is oud.
23 Hulle was die pottebakkers en die inwoners
van Netáim en Gedéra; daar het hulle gebly by die
koning in sy diens.
24 Die seuns van Símeon was: Némuel en Iamin,
Iarib, Serag, Saulo;
25 Sallum was sy seun; Mibsam was sy seun;
Misma was sy seun.
26 En die seuns van Misma was: Hámmuel, sy
seun, Sakkur, sy seun, Símeï, sy seun.
27 En Símeï het sestien seuns en ses dogters
gehad; maar sy broers het nie baie seuns gehad
nie; en hulle hele geslag het nie so vermeerder
soos die seuns van Juda nie.
28 En hulle het gewoon in Berséba en Mólada en
Hasar-Súal
29 en in Bilha en Esem en Tolad
30 en in Bétuel en Horma en Siklag
31 en in Bet-Márkabot en Hasar-Susim, en
Bet-Bíreï en Saäráim; dit was hulle stede totdat
Dauid koning geword het.
32 En hulle dorpe was: Etam en Ain, Rimmon en
Togen en Asan, vyf stede;
33 en al hulle dorpe wat in die omtrek van
hierdie stede was, tot by Baäl; dit was hulle
woonplekke, en hulle het hul geslagsregister
gehad.
34 En Mésobab en Iamleg en Iosa, die seun van
Amásia,
35 en Ioel en Iehu, die seun van Iosibia, die seun
van Seraia, die seun van Asiël,
36 en Elioenai en Iaäkóba en Iesoháia en Asaia
en Adiël en Iesímiël en Benaia
37 en Sisa, die seun van Sífeï, die seun van Allon,
die seun van Iedaia, die seun van Simri, die seun
van Semaia--
38 die wat hier met hulle naam opgegee is, was
vorste in hulle geslagte, en hulle families het
sterk vermeerder.
39 En hulle het getrek tot by die ingang na
Gedor, tot oostelik van die dal, om weiveld vir
hulle kleinvee te soek.
40 En hulle het geil en goeie weiveld gevind, en
die land was na alkante toe wyd en stil en rustig,
want mense van Gam het daar tevore gewoon;
41 en die wat hier met hulle naam beskrywe is,
het in die dae van Hiskía, die koning van Juda,
gekom en hulle tente verslaan, en ook die
Meüniete wat daar gevind is; en hulle het hul met
die banvloek getref tot vandag toe; en hulle het in
hulle plek gaan woon; want daar was weiveld vir
hulle kleinvee.
42 Ook het van hulle, van die seuns van Símeon,
vyf honderd man getrek na die gebergte Seïr; en
Pelatia en Nearia en Refaia en Ussiël, die seuns
van Iisei, was aan hulle hoof.
43 En hulle het die oorblyfsel van die
vrygeraaktes van Amalek verslaan en daar gaan
woon tot vandag toe.

## Die Families van Rhuben, Gad en Manasse.

**5** En die seuns van Rhuben, die eersgeborene
van Isrhael--want hy was die eersgeborene; maar
omdat hy die bed van sy vader ontheilig het, is sy
eersgeboortereg aan die seuns van Ioseph, die
seun van Isrhael, gegee, maar hy moes nie in die
geslagsregister volgens die eersgeboortereg
aangegee word nie;
2 want Juda was sterk onder sy broers, en uit
hom het een 'n vors geword, maar die
eersgeboortereg het Ioseph gehad--
3 die seuns van Rhuben, die eersgeborene van
Isrhael, was: Henog en Pallu, Hesron en Karmi.
4 Die seuns van Ioel: sy seun Semaia, sy seun

Gog, sy seun Símeï;
5 sy seun Miga, sy seun Reaia, sy seun Baäl,
6 sy seun Beëra, vir wie Tiglat-Piléser, die koning van Assirië, in ballingskap weggevoer het; hy was 'n vors van die Rubeniete.
7 En sy broers volgens elkeen se geslag soos in die geslagsregister opgegee, volgens hulle afstamming, was: Ieï-el, die hoof; verder Sagaría
8 en Bela, die seun van Asas, die seun van Sema, die seun van Ioel; hy wat in Aroër en tot by Nebo en Baäl-Méon gewoon het.
9 En teen die ooste het hy gewoon tot by die ingang na die woestyn, van die Eufraatrivier af; want hulle vee het baie geword in die land Gílead.
10 En in die dae van Saulo het hulle oorlog gevoer met die Hagareners, en toe dié in hulle hand geval het, het hulle in hulle tente gewoon aan die hele oostekant van Gílead.
11 En die seuns van Gad het teenoor hulle in die land Basan gewoon tot by Salka.
12 Ioel was die hoof, en Safam die tweede in rang, en Iaénai en Safat, in Basan.
13 En hulle broers volgens hulle families was: Mígael en Mesúllam en Seba en Iórai en Iáekan en Sia en Eber, sewe.
14 Dit was die seuns van Abígail, die seun van Huri, die seun van Iaróag, die seun van Gílead, die seun van Mígael, die seun van Iesísai, die seun van Iagdo, die seun van Bus.
15 Ahi, die seun van Abdiël, die seun van Guni, was die hoof van hulle families.
16 En hulle het gewoon in Gílead, in Basan en in sy onderhorige plekke en in al die weivelde van Saron tot waar dit ophou.
17 Hulle almal is in die geslagsregister opgeneem in die dae van Iotam, die koning van Juda, en in die dae van Ieróbeam, die koning van Isrhael.
18 Van die seuns van Rhuben en Gad en die halwe stam van Manasse, naamlik van die helde, manne wat skild en swaard dra en die boog span en ervare is in die oorlog, was daar vier en veertig duisend sewe honderd en sestig wat op kommando moes uittrek.
19 En hulle het oorlog gevoer met die Hagareners en Ietur en Nafis en Nodab;
20 en hulle het hulp gekry teen hulle, en die Hagareners is in hulle hand oorgegee, en almal wat met hulle saam was; want hulle het Aleim aangeroep in die oorlog, en Hy het hulle verhoor, omdat hulle op Hom vertrou het.
21 En hulle het hulle vee weggevoer: van hul kamele vyftig duisend; twee honderd en vyftig duisend stuks kleinvee en twee duisend esels en honderd duisend mense.
22 Want baie gesneuweldes het daar gelê, omdat die oorlog van Aleim was; en hulle het in hulle plek gewoon tot die ballingskap toe.
23 En die seuns van die halwe stam van Manasse het in die land gewoon van Basan af tot by Baäl-Hermon en Senir en die berg Hermon; hulle was baie.
24 En dit was die hoofde van hulle families, naamlik: Efer en Iisei en Éliël en Asriël en Ieremia en Hodawia en Iagdíël, manne, dapper helde, manne van naam, hoofde van hulle families.
25 Maar hulle het ontrou gehandel teen die Aleim van hulle vaders, en die gode van die volke van die land wat Aleim voor hulle uit verdelg het, agternagehoereer.
26 Daarom het die Aleim van Isrhael die gees van Pul, die koning van Assirië, naamlik die gees van Tiglat-Piléser, die koning van Assirië, aangewakker, wat hulle, die Rubeniete en die Gadiete en die halwe stam van Manasse, in ballingskap weggevoer en hulle gebring het na Halag en Habor en Hara en die rivier van Gosan tot vandag toe.

## Die Familie van Leui.

**6** Die seuns van Leui was: Gerson, Kehat en Merári.
2 En die seuns van Kehat was: Amram, Ishar en Hebron en Ussiël.
3 En die seuns van Amram was: Aaron en Mouses, en Miriam; en die seuns van Aaron was: Nadab en Abíhu, Eleásar en Itamar.
4 En Eleásar was die vader van Pínehas; Pínehas van Abisúa;
5 en Abisúa van Bukki; en Bukki van Ussi;
6 en Ussi van Seragia; en Seragia van Meraiot;
7 en Meraiot van Amaria; en Amaria van Ahítub;
8 en Ahítub van Sadok; en Sadok van Ahímaäs;
9 en Ahímaäs van Asaria; en Asaria van Iohanan;
10 en Iohanan van Asaria; dit is hy wat die priesteramp bedien het in die huis wat Solomon in Jerusalem gebou het.
11 En Asaria was die vader van Amaria; en Amaria van Ahítub;
12 en Ahítub van Sadok; en Sadok van Sallum;
13 en Sallum van Ilkia; en Ilkia van Asaria;
14 en Asaria van Seraia; en Seraia van Iosadak;
15 en Iosadak het saamgegaan toe IEUE Juda en Jerusalem deur die hand van Nebukadnésar in ballingskap weggevoer het.
16 Die seuns van Leui was: Gersom, Kehat en Merári.
17 En dit is die name van die seuns van Gersom: Libni en Símeï.
18 En die seuns van Kehat was: Amram en Ishar en Hebron en Ussiël.
19 Die seuns van Merári was Magli en Musi. En dit is die geslagte van die Leviete volgens hulle families:
20 van Gersom--sy seun was Libni, sy seun Iahat, sy seun Simma,
21 sy seun Ioag, sy seun Iddo, sy seun Serag, sy seun Iéatrai.

22 Die seuns van Kehat was: sy seun Amminádab, sy seun Korag, sy seun Assir,
23 sy seun Élkana, en sy seun Ebiasaf, en sy seun Assir,
24 sy seun Tahat, sy seun Uriël, sy seun Ussia, en sy seun Saulo.
25 En die seuns van Élkana was: Amásai en Ahimot en Élkana;
26 die seuns van Élkana: sy seun Sófai, en sy seun Nahat,
27 sy seun Elíab, sy seun Ieroham, sy seun Élkana.
28 En die seuns van Samuel: die eersgeborene Ioel, en die tweede Abía.
29 Die seuns van Merári was: Magli; sy seun Libni, sy seun Símeï, sy seun Ussa;
30 sy seun Símea, sy seun Haggía, sy seun Asaia.
31 En dit is hulle wat Dauid aangestel het vir die leiding van die sang in die huis van IEUE vandat die ark 'n rusplek gevind het.
32 En hulle het as sangers gedien voor die tabernakel van die tent van samekoms, totdat Solomon die huis van IEUE in Jerusalem gebou het; en hulle het in hul dienswerk gestaan volgens hulle ordening.
33 En dit is hulle wat in diens gestaan het saam met hulle seuns: van die seuns van die Kehatiete: Heman, die sanger, die seun van Ioel, die seun van Samuel,
34 die seun van Élkana, die seun van Ieroham, die seun van Éliël, die seun van Toag,
35 die seun van Suf, die seun van Élkana, die seun van Mahat, die seun van Amásai,
36 die seun van Élkana, die seun van Ioel, die seun van Asaria, die seun van Sefánia,
37 die seun van Tahat, die seun van Assir, die seun van Ebiasaf, die seun van Korag,
38 die seun van Ishar, die seun van Kehat, die seun van Leui, die seun van Isrhael.
39 En sy broer was Asaf, wat aan sy regterhand gestaan het; Asaf was die seun van Beregia, die seun van Símea,
40 die seun van Mígael, die seun van Baäséia, die seun van Malkía,
41 die seun van Etni, die seun van Serag, die seun van Adaia,
42 die seun van Etan, die seun van Simma, die seun van Símeï,
43 die seun van Iahat, die seun van Gersom, die seun van Leui.
44 En hulle broers, die seuns van Merári, aan die linkerhand, was: Etan, die seun van Kisi, die seun van Abdi, die seun van Mallug,
45 die seun van Hasabia, die seun van Amásia, die seun van Ilkia,
46 die seun van Amsi, die seun van Bani, die seun van Semer,
47 die seun van Magli, die seun van Musi, die seun van Merári, die seun van Leui.
48 En hulle broers, die Leviete, was bestemd vir al die dienswerk by die tabernakel van die huis van Aleim.
49 Maar Aaron en sy seuns het offerrook laat opgaan op die brandofferaltaar en op die reukofferaltaar, vir al die werk in die Allerheiligste en om versoening te doen vir Isrhael, net soos Mouses, die kneg van Aleim, beveel het.
50 En dit is die seuns van Aaron: Eleásar was sy seun, Pínehas sy seun, Abisúa sy seun;
51 Bukki sy seun, Ussi sy seun, Seragia sy seun,
52 Meraiot sy seun, Amaria sy seun, Ahítub sy seun,
53 Sadok sy seun, Ahímaäs sy seun.
54 En dit was hulle woonplekke volgens hulle laers in hulle grondgebied--aan die seuns van Aaron, aan die geslag van die Kehatiete, want aan hulle was die eerste lot.
55 Aan hulle dan is gegee: Hebron, in die land Juda, met sy weiveld daar rondom;
56 maar die saaigrond van die stad en sy dorpe het hulle aan Kaleb, die seun van Iefunne, gegee.
57 En aan die seuns van Aaron het hulle die vrystad Hebron en Libna gegee met die weiveld daarvan, en Iattir en Estemóa met die weiveld daarvan,
58 en Hiles met sy weiveld, en Debir met sy weiveld,
59 en Asan met sy weiveld, en Bet-Semes met sy weiveld;
60 en van die stam van Beniamin: Geba met sy weiveld, en Alémet met sy weiveld, en Anatot met sy weiveld. Al hulle stede in hulle geslagte was dertien stede.
61 En aan die ander seuns van Kehat uit die geslag van die stam, uit die halwe stam, half Manasse, tien stede deur die lot.
62 En aan die seuns van Gersom, volgens hulle geslagte, uit die stam van Issaskarh en uit die stam van Aserh en uit die stam van Náftali en uit die stam van Manasse in Basan, dertien stede.
63 Aan die seuns van Merári volgens hulle geslagte uit die stam van Rhuben en uit die stam van Gad en uit die stam van Sébulon deur die lot, twaalf stede.
64 En die kinders van Isrhael het aan die Leviete die stede met hulle weiveld gegee:
65 hulle het deur die lot uit die stam van die seuns van Juda en uit die stam van die seuns van Símeon en uit die stam van die seuns van Beniamin hierdie stede gegee wat hulle met die naam genoem het.
66 En aan die ander uit die geslagte van die seuns van Kehat--die stede van hulle grondgebied was uit die stam van Efraim.
67 En hulle het aan hulle die vrystad Sigem met sy weiveld, op die gebergte van Efraim, en Geser met sy weiveld gegee;
68 en Iókmeam met sy weiveld, en Bet-Horon

met sy weiveld,
69 en Aialon met sy weiveld, en Gat-Rimmon met sy weiveld;
70 en uit die halwe stam van Manasse: Aner met sy weiveld, en Bíleam met sy weiveld--vir die geslag van die ander seuns van Kehat.
71 Aan die seuns van Gersom uit die geslag van die halwe stam van Manasse: Gólan in Basan met sy weiveld, en Astarot met sy weiveld;
72 en uit die stam van Issaskarh: Kedes met sy weiveld, Dáberat met sy weiveld,
73 en Ramot met sy weiveld, en Anem met sy weiveld;
74 en uit die stam van Aserh: Masal met sy weiveld, en Abdon met sy weiveld,
75 en Hukok met sy weiveld, en Rehob met sy weiveld;
76 en uit die stam van Náftali: Kedes in Galiléa met sy weiveld, en Hammon met sy weiveld, en Kiriatáim met sy weiveld.
77 Aan die ander seuns van Merári uit die stam van Sébulon: Rimmóno met sy weiveld, Tabor met sy weiveld;
78 en oorkant die Jordaan van Jérigo, aan die oostekant van die Jordaan, uit die stam van Rhuben: Beser in die woestyn met sy weiveld, en Iahas met sy weiveld,
79 en Kédemot met sy weiveld, en Mefäät met sy weiveld;
80 en uit die stam van Gad: Ramot in Gílead met sy weiveld, en Mahanáim met sy weiveld,
81 en Hesbon met sy weiveld, en Iaeser met sy weiveld.

## Die Familie Boom van Issaskarh, Beniamin, Naphtali, Manasse, Efraim en Aserh.

**7** En die seuns van Issaskarh was: Tola en Pua, Iasub en Simron, vier.
2 En die seuns van Tola was: Ussi en Refaia en Iériël en Iágmai en Ibsam en Samuel, hoofde van hulle families, van Tola, dapper helde. Volgens hulle afstamming was hulle aantal in die dae van Dauid twee en twintig duisend ses honderd.
3 En die seuns van Ussi was Isrágia; en die seuns van Isrágia was: Mígael en Obadia en Ioel, Issia, vyf, almal hoofde.
4 En by hulle, volgens hulle afstamming, volgens hulle families, was die afdelings krygsmanne: ses en dertig duisend; want hulle het baie vroue en kinders gehad.
5 En hulle broers, van al die geslagte van Issaskarh, dapper helde: sewe en tagtig duisend tel hulle geslagsregister in sy geheel.
6 Beniamin: Bela en Beger en Iediael, drie.
7 En die seuns van Bela was: Esbon en Ussi en Ussiël en Ierimot en Iri, vyf hoofde van families, dapper helde; en hulle geslagsregister het getel: twee en twintig duisend vier en dertig.
8 En die seuns van Beger was: Semíra en Ioas en Eliëser en Elioenai en Omri en Ieremot en Abía en Anatot en Alémet; hulle almal was seuns van Beger.
9 En hulle geslagsregister het getel volgens hulle afstamming, hoofde van hulle families, dapper helde: twintig duisend twee honderd.
10 En die seuns van Iediael was Bilhan; en die seuns van Bilhan was: Iehus en Beniamin en Ehud en Kenääna en Setan en Tarsis en Ahisáhar.
11 Hulle almal, seuns van Iediael, volgens die hoofde van die families, dapper helde, was sewentien duisend twee honderd wat in die oorlog op kommando moes uittrek.
12 Ook Suppim en Huppim was seuns van Ir; Husim, seuns van Aher.
13 Die seuns van Náftali was: Iágsiël en Guni en Ieser en Sallum, seuns van Bilha.
14 Die seuns van Manasse was Asriël wat sy vrou gebaar het; sy Aramese byvrou het Magir gebaar, die vader van Gílead;
15 en Magir het van Huppim en Suppim 'n vrou geneem; die naam van sy suster was Määga. En die naam van die tweede was Selófhad; en Selófhad het dogters gehad.
16 En Määga, die vrou van Magir, het 'n seun gebaar, en sy het hom Peres genoem; en die naam van sy broer was Seres, en sy seuns was Ulam en Rekem.
17 En die seuns van Ulam was Bedan; dit is die seuns van Gílead, die seun van Magir, die seun van Manasse.
18 En sy suster Moléket het Ishod en Abiëser en Magla gebaar.
19 En die seuns van Semída was: Agjan en Segem en Likhi en Aníam.
20 En die seuns van Efraim was Sútelag; en sy seun was Bered, en sy seun Tahat, en sy seun Eleáda, en sy seun Tahat,
21 en sy seun Sabad, en sy seun Sútelag en Eser en Élead; en die manne van Gat wat in die land gebore was, het hulle gedood, omdat húlle afgetrek het om hulle vee te neem.
22 Daarom het hulle vader Efraim baie dae lank gerou, en sy broers het gekom om hom te troos.
23 Daarna het hy by sy vrou ingegaan, en sy het swanger geword en 'n seun gebaar; en hy het hom Bería genoem, omdat dit tydens 'n onheil in sy huis gebeur het.
24 En sy dogter was Séëra; en sy het Bet-Horon-Onder en--Bo gebou, en Ussen-Séëra.
25 En sy seun was Refag, en Resef, en sy seun Telag, en sy seun Tahan;
26 sy seun Láedan; sy seun Ammihud; sy seun Elisáma;
27 sy seun was Nun, sy seun Ieshou.
28 En hulle besitting en hulle woonplekke was Bet-el met sy onderhorige plekke; en teen die ooste Nääran, en teen die weste Geser met sy

onderhorige plekke; en Sigem met sy onderhorige plekke tot by Ajja met sy onderhorige plekke.
29 En onder die bestuur van die seuns van Manasse was Bet-Séan met sy onderhorige plekke, Táänag met sy onderhorige plekke, Megíddo met sy onderhorige plekke, Dor met sy onderhorige plekke. Hierin het die seuns van Ioseph, die seun van Isrhael, gewoon.
30 Die seuns van Aserh was: Imma en Iswa en Iswi en Bería en Serag, hulle suster.
31 En die seuns van Bería was Heber en Málkiël; hy was die vader van Birsájit.
32 En Heber was die vader van Iaflet, en van Somer en Hotam en Sua, hulle suster.
33 En die seuns van Iaflet was: Pasag en Bimhal en Aswat; dit was die seuns van Iaflet.
34 En die seuns van Semer was: Ahi en Róhega, Iehúbba en Sirie.
35 En die seuns van sy broer Helem was: Sofag en Imna en Seles en Amal.
36 Die seuns van Sofag was: Suag en Harnéfer en Sual en Beri en Imra,
37 Beser en Hod en Samma en Silsa en Itran en Beëra.
38 En die seuns van Ieter was: Iefunne en Pispa en Ara.
39 En die seuns van Ulla was: Arag en Hánniël en Risja.
40 Hulle almal was seuns van Aserh, hoofde van families, uitgesoekte dapper helde, hoofde van die vorste; en hulle geslagsregister het betrekking gehad op diens in die oorlog; hulle aantal was ses en twintig duisend man.

**Die Familie van Adam – Van Seth tot Esau.**

**8** En Beniamin was die vader van Bela, sy eersgeborene; die tweede, Asbel; en die derde, Agrag,
2 die vierde, Noha; en die vyfde, Rafa.
3 En Bela het seuns gehad: Addar en Gera en Abíhud
4 en Abisúa en Naäman en Ahóag
5 en Gera en Sefúfan en Huram.
6 En dit was die seuns van Ehud hulle was hoofde van families van die inwoners van Geba, en hulle is in ballingskap na Manáhat weggevoer--
7 Naäman en Ahía en Gera het hulle in ballingskap weggevoer; en hy was die vader van Ussa en van Ahíhud.
8 En Saharáim het in die veld van Moab, nadat hy sy vroue Husim en Bäära verstoot het, die vader van kinders geword:
9 by sy vrou Hodes was hy die vader van Iobab en Sibja en Mesa en Malkam,
10 en Iehus en Sagía en Mirma; dit was sy seuns, hoofde van families.
11 En by Husim was hy die vader van Abítub en Elpääl.
12 En die seuns van Elpääl was: Eber en Míseam en Semed; hy het Ono en Lod met sy onderhorige plekke gebou;
13 en Bería en Sema; hulle was hoofde van families van die inwoners van Aialon; hulle het die inwoners van Gat verjaag;
14 en Agio, Sasak en Ieremot
15 en Sebadia en Arad en Eder
16 en Mígael en Ispa en Ioha, die seuns van Bería;
17 en Sebadia en Mesúllam en Hiski en Heber
18 en Ismerai en Islia en Iobab, die seuns van Elpääl;
19 en Iakim en Sigri en Sabdi
20 en Eliënai en Sílletai en Éliël
21 en Adaia en Beraia en Simrat, die seuns van Símeï;
22 en Ispan en Eber en Éliël
23 en Abdon en Sigri en Hanan
24 en Hanania en Elam en Antotía
25 en Ifdéia en Pnúel, die seuns van Sasak;
26 en Sámserai en Sehária en Atália
27 en Iaärésia en Elía en Sigri, die seuns van Ieroham.
28 Hulle was hoofde van families, volgens hulle afstamming, hoofde; hulle het in Jerusalem gewoon.
29 En in Gíbeon het die vader van Gíbeon gewoon, en die naam van sy vrou was Máága.
30 En sy eersgebore seun was Abdon, verder Sur en Kis en Baäl en Nadab
31 en Gedor en Agio en Seger.
32 En Miklot was die vader van Símea; en hulle het ook teenoor hulle broers in Jerusalem saam met hulle broers gewoon.
33 En Ner was die vader van Kis, en Kis van Saulo, en Saulo van Ionatan en Malkisúa en Abinádab en Esbääl.
34 En die seun van Ionatan was Merib-baäl, en Merib-baäl was die vader van Miga.
35 En die seuns van Miga was: Piton en Meleg en Taäréa en Agas.
36 En Agas was die vader van Iehoadda, en Iehoadda van Alémet en Asmáwet en Simri; en Simri was die vader van Mosa.
37 En Mosa was die vader van Bínea; sy seun was Rafa; sy seun was Eleása; sy seun was Asel.
38 En Asel het ses seuns gehad; en dít was hulle name: Asríkam, Bogru en Ismael en Searia en Obadia en Hanan; hulle almal was seuns van Asel.
39 En die seuns van Esek, sy broer, was: Ulam, sy eersgeborene, Iehus, die tweede, en Elifélet, die derde.
40 En die seuns van Ulam was manne, dapper helde wat die boog gespan het, en hulle het baie kinders en kindskinders gehad, honderd en vyftig. Hulle was almal uit die seuns van Beniamin.

## Priesters en Liviete in Jerusalem.

**9** En die hele Isrhael is in geslagsregisters opgeneeem, en kyk, hulle is opgeskrywe in die boek van die konings van Isrhael. En die mense van Juda is in ballingskap na Babel weggevoer vanweë hulle ontrou.
2 En die wat vroeër in hulle besitting, in hulle stede gaan woon het, was: Israeliete, die priesters, die Leviete en die tempelbediendes.
3 En in Jerusalem het gewoon van die seuns van Juda en van die seuns van Beniamin en van die seuns van Efraim en Manasse:
4 Utai, die seun van Ammíhud, die seun van Omri, die seun van Imri, die seun van Bani, van die seuns van Peres, die seun van Juda;
5 en van die Siloniete: Asaia, die eersgeborene, en sy seuns;
6 en van die seuns van Serag: Iehúel en hulle broers, ses honderd en negentig;
7 en van die seuns van Beniamin: Sallu, die seun van Mesúllam, die seun van Hodawia, die seun van Hassenúa,
8 en Ibneia, die seun van Ieroham, en Ela, die seun van Ussi, die seun van Migri, en Mesúllam, die seun van Sefatia, die seun van Rehúel, die seun van Ibneia;
9 en hulle broers volgens hulle afstamming, nege honderd ses en vyftig; al hierdie manne was familiehoofde van hulle families;
10 en van die priesters: Iedaia en Ioiarib en Iagin,
11 en Asaria, die seun van Ilkia, die seun van Mesúllam, die seun van Sadok, die seun van Meraiot, die seun van Ahítub, die vors oor die huis van Aleim;
12 en Adaia, die seun van Ieroham, die seun van Pasgur, die seun van Malkía, en Máesai, die seun van Adiël, die seun van Iagséra, die seun van Mesúllam, die seun van Mesíllemit, die seun van Immer;
13 en hulle broers, hoofde van hulle families, sewentien honderd en sestig, dapper manne in die dienswerk van die huis van Aleim;
14 en van die Leviete: Semaia, die seun van Hassub, die seun van Asríkam, die seun van Hasabia, van die seuns van Merári;
15 en Bákbakkar, Heres en Galal en Máttania, die seun van Miga, die seun van Sigri, die seun van Asaf;
16 en Obadia, die seun van Semaia, die seun van Galal, die seun van Iedutun; en Beregia, die seun van Asa, die seun van Élkana wat in die dorpe van die Netofatiete gewoon het.
17 En die poortwagters was: Sallum en Akkub en Talmon en Ahíman en hulle broers; Sallum was die hoof,
18 en tot nou toe is hy in die koningspoort teen die ooste; hulle was die poortwagters van die laers van die seuns van Leui.
19 En Sallum, die seun van Kore, die seun van Ebiasaf, die seun van Korag, en sy broers uit sy familie, die Koragiete, was oor die dienswerk, as drumpelwagters van die tent, omdat hulle vaders by die laer van IEUE die ingang bewaak het.
20 En Pínehas, die seun van Eleásar, was vroeër bevelhebber oor hulle. Mag IEUE met hom wees!
21 Sagaría, die seun van Meselemia, was poortwagter by die ingang van die tent van samekoms.
22 Hulle almal wat as drumpelwagters uitgesoek was, was twee honderd en twaalf; hulle is in hul dorpe in die geslagsregister opgeneem. Dauid en die siener Samuel het hulle in hul ampsplig bevestig.
23 En hulle met hul seuns was aangestel oor die poorte van die huis van IEUE, van die tenthuis, om wag te hou.
24 Die poortwagters moes aan die vier windstreke wees, na die ooste, weste, noorde en suide toe.
25 En hulle broers, in hulle dorpe, moes van tyd tot tyd vir sewe dae saam met hulle inkom.
26 Want in die ampsplig het hulle, die vier owerstes van die deurwagters, gestaan. Van die Leviete was oor die kamers en oor die skatte van die huis van Aleim.
27 En hulle moes in die nag rondom die huis van Aleim bly, want hulle het die wag gehad en moes elke môre oopsluit.
28 En sommige van hulle was aangestel oor die gereedskap van die diens; want hulle moes dit voltallig inbring en voltallig uitbring.
29 En sommige van hulle was aangestel oor die gereedskappe en oor al die heilige voorwerpe en oor die fynmeel en die wyn en die olie en die wierook en die speserye.
30 En van die seuns van die priesters was daar mengers van salf uit speserye.
31 En Mattitia, uit die Leviete, wat die eersgeborene van die Koragiet Sallum was, het amptelik die toesig oor die bakwerk gehad.
32 En van die kinders van die Kehatiete, van hulle broers, moes sorg vir die toonbrode om dit elke shabath klaar te maak.
33 En dit was die sangers, hoofde van families van die Leviete, in die kamers, vry van ander diens; want hulle was dag en nag in hul dienswerk besig.
34 Dit was die hoofde van families van die Leviete, hoofde volgens hulle afstamming; hulle het in Jerusalem gewoon.
35 En in Gíbeon het die vader van Gíbeon, Ieï-el, gewoon; en die naam van sy vrou was Máága.
36 En Abdon was sy eersgebore seun, dan Sur en Kis en Baäl en Ner en Nadab
37 en Gedor en Agio en Sagaría en Miklot.
38 En Miklot was die vader van Símeam; en hulle het ook teenoor hulle broers in Jerusalem saam met hulle broers gewoon.
39 En Ner was die vader van Kis, en Kis van

Saulo, en Saulo van Ionatan en Malkisúa en Abinádab en Ésbaäl.
40 En die seun van Ionatan was Merib-baäl, en Merib-baäl was die vader van Miga.
41 En die seuns van Miga was: Piton en Meleg en Tagréa.
42 En Agas was die vader van Iaëra, en Iaëra van Alémet en Asmáwet en Simri; en Simri was die vader van Mosa;
43 en Mosa was die vader van Bínea; en sy seun was Refaia, sy seun Eleása, sy seun Asel.
44 En Asel het ses seuns gehad, en dít is hulle name: Asríkam, Bogru en Ismael en Searia en Obadia en Hanan; dit was die seuns van Asel.

## Die Dood van Saulo en sy Seuns.

**10** En die Filistyne het teen Isrhael geveg, en die manne van Isrhael het vir die Filistyne weggevlug, en gesneuweldes het op die gebergte Gilbóa gelê.
2 En die Filistyne het Saulo en sy seuns agternagesit, en die Filistyne het Ionatan en Abinádab en Malkisúa, die seuns van Saulo, gedood.
3 En toe die geveg swaar word teen Saulo en die boogskutters hom aantref, het hy gebewe van angs vir die skutters.
4 En Saulo het aan sy wapendraer gesê: Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee; anders kom hierdie onbesnedenis en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was. Daarop neem Saulo die swaard en val daarin.
5 Toe sy wapendraer sien dat Saulo dood was, val hy self ook in die swaard, sodat hy gesterf het.
6 So het Saulo en sy drie seuns dan gesterwe; en sy hele huis, almal saam, het gesterwe.
7 Toe al die manne van Isrhael wat in die vlakte was, sien dat hulle gevlug het, en dat Saulo en sy seuns dood was, het hulle hul stede verlaat en gevlug; en die Filistyne het gekom en daarin gaan woon.
8 En toe die Filistyne die volgende dag kom om die gesneuweldes te plunder, vind hulle Saulo en sy seuns nog daar lê op die gebergte Gilbóa.
9 En hulle het hom uitgetrek en sy hoof en sy wapens saamgeneem en dit in die land van die Filistyne rondgestuur om die blye boodskap vir hulle afgode en vir die volk te bring.
10 Daarna het hulle sy wapens in die huis van hulle god neergelê en sy hoofskedel in die huis van Dagon vasgeslaan.
11 Toe die hele Jabes in Gílead hoor alles wat die Filistyne aan Saulo gedoen het,
12 het al die dapper manne hulle gereedgemaak en die lyk van Saulo en die lyke van sy seuns saamgeneem en dit na Iabes gebring en hulle bene begrawe onder die terpentynboom in Iabes, en sewe dae lank gevas.
13 En Saulo het gesterwe weens ontrou wat hy teen IEUE begaan het, weens die Woord van IEUE wat hy nie gehou het nie; en ook omdat hy die gees van 'n afgestorwene om inligting gevra het,
14 maar IEUE nie geraadpleeg het nie. Daarom het Hy hom omgebring en die koningskap laat oorgaan op Dauid, die seun van Isai.

## Dauid Word Koning oor die Hele Isrhael.

**11** Toe kom die hele Isrhael by Dauid in Hebron bymekaar en sê: Kyk, ons is u been en u vlees.
2 Gister sowel as eergister, selfs toe Saulo koning was, het u Isrhael uit-- en ingelei; en IEUE u Aleim het aan u gesê: Jy moet My volk Isrhael oppas, en jy moet 'n vors wees oor My volk Isrhael.
3 So het dan al die oudstes van Isrhael na die koning in Hebron gekom, en Dauid het met hulle 'n verbond gesluit in Hebron voor die aangesig van IEUE, en hulle het Dauid as koning oor Isrhael gesalf volgens die Woord van IEUE deur die diens van Samuel.
4 En Dauid en die hele Isrhael het getrek na Jerusalem, dit is Jebus; en daar was die Jebusiete die bewoners van die land.
5 En die inwoners van Jebus het vir Dauid gesê: Jy sal hier nie inkom nie. Maar Dauid het die bergvesting Sion ingeneem, dit is die stad van Dauid.
6 En Dauid het gesê: Elkeen wat eerste die Jebusiet verslaan, sal 'n hoof en 'n owerste word. Toe het Ioab, die seun van Seruia, die eerste opgeklim en 'n hoof geword.
7 En Dauid het in die bergvesting gaan woon; daarom noem hulle dit die stad van Dauid.
8 En hy het die stad rondom opgebou van Millo af tot by die omtrek; en Ioab het die orige deel van die stad herstel.
9 En Dauid het gedurigdeur groter geword, en IEUE van die leërskare was met hom.
10 En dít was die hoofde van die helde van Dauid wat hom kragtig bygestaan het in sy koningskap saam met die hele Isrhael om hom volgens die Woord van IEUE koning te maak oor Isrhael.
11 En dít is die getal van die helde van Dauid: Iasobeam, die seun van Hagmóni, die hoof van die dertig; hy het sy spies geswaai oor drie honderd wat op een keer gesneuwel het.
12 En ná hom was Eleásar, die seun van Dodo, die Ahohiet; hy was onder die drie helde.
13 Hy was saam met Dauid by Pas-Dámmim toe die Filistyne daar bymekaar was om te veg; en daar was 'n stuk land vol gars, en die volk het vir die Filistyne gevlug.
14 Maar hy het hom in die middel van die stuk land opgestel en dit afgeneem en die Filistyne

verslaan, sodat IEUE 'n groot oorwinning bewerk het.
15 En drie van die dertig hoofde het afgetrek na die rots, na Dauid, na die spelonk van Adúllam terwyl die laer van die Filistyne in die dal Refáim gestaan het.
16 En Dauid was toe in die bergvesting; en 'n besetting van die Filistyne was toe in Betlehem.
17 En Dauid het 'n begeerte voel opkom en gesê: Wie sal vir my water gee om te drink uit die put van Betlehem wat by die poort is?
18 Toe het die drie deur die laer van die Filistyne gebreek en water geskep uit die put van Betlehem wat by die poort was, en dit gedra en na Dauid gebring; maar Dauid wou dit nie drink nie en het dit voor IEUE uitgegiet
19 en gesê: Mag my Aleim my bewaar, dat ek dit sou doen! Sou ek die bloed van hierdie manne drink? Met lewensgevaar, ja, met lewensgevaar het hulle dit gebring! En hy wou dit nie drink nie. Dit het die drie helde gedoen.
20 En Abísai, die broer van Ioab, hy was hoof van die drie, en hy het sy spies geswaai oor drie honderd wat gesneuwel het, en 'n naam gehad onder die drie.
21 Uit die drie was hy onder die ander twee geëerd, sodat hy hulle owerste geword het; maar tot by die eerste drie het hy nie gekom nie.
22 Benaia, die seun van Ioiada, 'n dapper man, groot van daad, uit Kábseël; hy het die twee groot helde van Moab verslaan; en hy het afgegaan en 'n leeu binne-in 'n kuil doodgeslaan op 'n sneeudag.
23 Hy het ook 'n Egiptenaar verslaan, 'n groot man, vyf el; en in die hand van die Egiptenaar was 'n spies soos 'n wewersbalk; maar hy het na hom afgegaan met 'n stok en die spies uit die hand van die Egiptenaar geruk en hom met sy eie spies doodgesteek.
24 Dit het Benaia, die seun van Ioiada, gedoen; en hy het 'n naam gehad onder die drie helde.
25 Hy was wel meer geëerd as die dertig, maar tot by die drie het hy nie gekom nie; en Dauid het hom aangestel oor sy lyfwag.
26 En die dapper helde was: Asahel, die broer van Ioab, Élhanan, die seun van Dodo, uit Betlehem;
27 Sammot, die Harodiet; Heles, die Peloniet;
28 Ira, die seun van Ikkes, die Tekoïet; Abiëser, die Anatotiet;
29 Síbbegai, die Husatiet; Ilai, die Ahohiet;
30 Máharai, die Netofatiet; Heled, die seun van Baäna, die Netofatiet;
31 Itai, die seun van Ríbai, uit Gíbea van die kinders van Beniamin; Benaia, die Pireatoniet;
32 Húrai, uit Nahale-Gaäs, Abíël, die Arabatiet;
33 Asmáwet, die Baharumiet; Eliagba, die Saälboniet.
34 Die seuns van Hasem, die Gisoniet, was: Ionatan, die seun van Sage, die Harariet;
35 Ahíam, die seun van Sagar, die Harariet; Elífal, die seun van Ur;
36 Hefer, die Megeratiet; Ahía, die Peloniet;
37 Hesro, die Karmeliet; Náärai, die seun van Ésbai;
38 Ioel, die broer van Natan; Mibhar, die seun van Hagri;
39 Selek, die Ammoniet; Nágrai, die Berotiet, die wapendraer van Ioab, die seun van Seruia;
40 Ira, die Itriet; Gareb, die Itriet;
41 Uría, die Hetiet; Sabad, die seun van Aglai;
42 Adína, die seun van Sisa, die Rubeniet, 'n hoof van die Rubeniete, en saam met hom was dertig;
43 Hanan, die seun van Máága; en Iosafat, die Mitniet;
44 Ussía, die Asteratiet; Sama en Ieï-el, die seuns van Hotam, die Aroëriet;
45 Iediael, die seun van Simri; en Ioha, sy broer, die Tisiet;
46 Éliël van Maháwim en Ieribai en Iosawia, die seuns van Elnáäm; en Itma, die Moabiet:
47 Éliël en Obed en Iaasiel van Mesobaia.

## Die Weermag Van Dauid.

**12** En dit is hulle wat na Dauid na Siklag gekom het toe hy nog uit die teenwoordigheid van Saulo, die seun van Kis, verban was; hulle was ook onder die helde wat gehelp het in die oorlog,
2 gewapend met die boog, wat regter-- en linkerhand kon gebruik met slingerstene en met pyl en boog; hulle was uit die broers van Saulo uit Beniamin:
3 Ahiëser, die hoof, en Ioas, seuns van Semáä, die Gibeatiet; en Iésiël en Pelet, seuns van Asmáwet; en Béraga en Iehu, uit Anatot;
4 en Ismaia, die Gibeoniet, 'n held onder die dertig en hoof oor die dertig; en Ieremia en Iahasiel en Iohanan en Iosabad, uit Gedéra;
5 Elehúsai en Ierímot en Beália en Semaria en Sefatia, uit Harif;
6 Élkana en Issia en Asáreël en Ioëser en Iasobeam, die Koragiete;
7 en Ioëla en Sebadia, die seuns van Ieroham, uit Gedor.
8 Ook van die Gadiete het hulle afgeskei na Dauid, na die bergvesting in die woestyn, dapper manne, krygsmanne in die oorlog, toegerus met skild en spies, en hulle gesigte was leeugesigte en hulle was vinnig soos gemsbokke op die berge:
9 Eser, die hoof, Obadia, die tweede, Elíab, die derde;
10 Masmánna, die vierde, Ieremia, die vyfde;
11 Attai, die sesde, Éliël, die sewende;
12 Iohanan, die agtste, Élsabad, die negende;
13 Ieremia, die tiende, Magbánnai, die elfde.
14 Hulle was uit die seuns van Gad, hoofde oor die leër; een teen honderd, die kleinste; en die

grootste, een teen duisend.
15 Dit is hulle wat deur die Jordaan gegaan het in die eerste maand terwyl hy vol was oor al sy walle; en hulle het al die bewoners van die laagtes verjaag teen die ooste en teen die weste.
16 En toe daar uit die seuns van Beniamin en Juda na die bergvesting na Dauid kom,
17 het Dauid uitgegaan hulle tegemoet en gespreek en vir hulle gesê: As julle met vrede na my kom om my te help, sal ek my van harte met julle verenig; maar as dit is om my aan my teëstanders te verraai, ofskoon daar geen onreg in my hande is nie--mag die Aleim van ons vaders dit dan sien en straf!
18 Toe het die Gees Amásai, die hoof van die dertig, vervul, en hy het gesê:

Vír u, Dauid, en mét u, seun van Isai, is ons.
Vrede, vrede vir u, en vrede vir die wat u help, want u Aleim help u!

Daarop het Dauid hulle opgeneem en hulle aangestel as hoofde van die bende.
19 Ook uit Manasse het sommige oorgeloop na Dauid toe hy saam met die Filistyne gekom het om teen Saulo te veg, maar sonder om hulle te help; want met oorleg het die vorste van die Filistyne hom weggestuur en gesê: Ten koste van ons hoofde sal hy na sy heer Saulo toe oorloop.
20 Terwyl hy na Siklag trek, het daar uit Manasse na hom oorgeloop: Adnag en Iosabad en Iediael en Mígael en Iosabad en Elíhu en Sílletai, hoofde van die geslagte van Manasse.
21 En hulle het Dauid gehelp teen die bende, want hulle was almal dapper helde en owerstes in die leër.
22 Want dag vir dag het hulle na Dauid gekom om hom te help, totdat dit 'n groot leër was soos 'n leër van Aleim.
23 En dít is die getalle van die leërafdelings van die wat vir oorlog gewapen was, wat na Dauid in Hebron gekom het om die koningskap van Saulo op hom oor te bring volgens die bevel van IEUE.
24 Die seuns van Juda wat skild en spies gedra het, was ses duisend agt honderd, gewapend vir oorlog;
25 van die seuns van Símeon, dapper helde vir krygsdiens, sewe duisend een honderd;
26 van die seuns van Leui, vier duisend ses honderd;
27 en Iehóiada, die bevelhebber van die Aaroniete, en saam met hom drie duisend sewe honderd;
28 en Sadok, 'n jongman, 'n dapper held, met sy familie: twee en twintig owerstes;
29 en van die seuns van Beniamin, die broers van Saulo, drie duisend: want die meeste van hulle het tot nog toe aan die huis van Saulo getrou gebly;
30 en van die seuns van Efraim, twintig duisend agt honderd, dapper helde, manne van naam in hulle families;
31 en van die halwe stam van Manasse agttien duisend wat met hulle naam aangewys was om Dauid koning te gaan maak;
32 en van die seuns van Issaskarh, met kundige insig wat die tye betref, om te weet wat Isrhael moes doen; hulle hoofde was twee honderd, en al hulle broers onder hulle bevel;
33 van Sébulon wat op kommando moet uittrek, toegerus vir oorlog met allerhande krygswapens, vyftig duisend aaneengesluit, en nie met 'n dubbele hart nie;
34 en van Náftali duisend owerstes, en saam met hulle sewe en dertig duisend met skild en spies;
35 en van die Daniete, toegerus vir oorlog, agt en twintig duisend ses honderd;
36 en van Aserh wat op kommando moet uittrek om hulle in slagorde op te stel, veertig duisend;
37 en van oorkant die Jordaan af, van die Rubeniete en die Gadiete en die halwe stam van Manasse, honderd en twintig duisend met allerhande wapens vir krygsdiens.
38 Al hierdie krygsmanne het, in slagorde aaneengesluit, met 'n onverdeelde hart na Hebron gekom om Dauid koning te maak oor die hele Isrhael; en ook al die orige Israeliete was een van hart om Dauid koning te maak.
39 En hulle het daar saam met Dauid drie dae lank geëet en gedrink, want hulle broers het dit vir hulle berei.
40 En selfs hulle nabestaandes tot by Issaskarh en Sébulon en Náftali het brood gebring op esels en op kamele en op muile en op beeste, meelkos, vyekoeke en rosynekoeke en wyn en olie en beeste en kleinvee in menigte, want daar was blydskap in Isrhael.

## Dauid se Begeerte om die Ark te Verwyder.

**13** En Dauid het raad gehou met die owerstes oor duisend en oor honderd, met elke bevelhebber;
2 en Dauid het aan die hele vergadering van Isrhael gesê: As julle dit goedvind en dit van IEUE onse Aleim is, laat ons ons versprei en na ons broers stuur wat nog oor is in al die landstreke van Isrhael, en saam met hulle na die priesters en die Leviete in die stede waar hulle weiveld het, dat hulle by ons bymekaar moet kom.
3 En laat ons die ark van onse Aleim na ons toe oorbring, want in die dae van Saulo het ons daar nie na gevra nie.
4 Toe sê die hele vergadering dat hulle so moes doen, want die saak was reg in die oë van die hele volk.
5 En Dauid het die hele Isrhael versamel van die Sihor in Egipte af tot by die ingang na Hamat, om

die ark van Aleim uit Kiriat-Iearim te gaan haal.
6 Daarna het Dauid met die hele Isrhael opgetrek na Báála, na Kiriat-Iearim wat aan Juda behoort, om daarvandaan op te bring die ark van Aleim IEUE wat op die gérubs troon, waaroor die Naam uitgeroep is.
7 En hulle het die ark van Aleim op 'n nuwe wa vervoer uit die huis van Abinádab, en Ussa en Agio het die wa gedrywe.
8 En Dauid en die hele Isrhael het voor die aangesig van Aleim met alle mag gespeel, sowel met liedere as met siters en harpe en tamboeryne en simbale en trompette.
9 Toe hulle by die dorsvloer van Kidon kom, het Ussa sy hand uitgesteek om die ark vas te hou, want die osse het gestruikel.
10 Daarop het die toorn van IEUE ontvlam teen Ussa, en Hy het hom getref, omdat hy sy hand na die ark uitgesteek het, sodat hy daar voor die aangesig van Aleim gesterf het.
11 En Dauid het ontroerd geword, omdat IEUE 'n skeur aan Ussa geskeur het; daarom het hy daardie plek genoem Peres-Ussa, tot vandag toe.
12 En Dauid het daardie dag vir Aleim bevrees geword en gesê: Hoe kan ek die ark van Aleim na my toe bring?
13 Daarom het Dauid die ark nie by hom in die stad van Dauid laat inkom nie, maar dit laat wegdraai na die huis van Obed-Edom, die Gittiet.
14 En die ark van Aleim het by die huis van Obed-Edom in sy huis gebly drie maande lank, en IEUE het die huis van Obed-Edom geseën met alles wat hy gehad het.

## Dauid se Oorwinings oor die Filistyne.

**14** Toe stuur Hiram, die koning van Tirus, boodskappers na Dauid met sederhout en messelaars en skrynwerkers om vir hom 'n huis te bou.
2 So het Dauid dan gewaargeword dat IEUE hom as koning oor Isrhael bevestig het en dat sy koningskap hoog verhewe was ter wille van Sy volk Isrhael.
3 En Dauid het in Jerusalem nog meer vroue geneem, en Dauid het die vader van nog meer seuns en dogters geword.
4 En dit is die name van die kinders wat hy in Jerusalem gehad het: Sámmua en Sobab, Natan en Solomon
5 en Ibhar en Elisúa en Elpélet
6 en Noga en Nefeg en Iafia
7 en Elisáma en Beëliada en Elifélet.
8 Toe die Filistyne hoor dat Dauid as koning oor die hele Isrhael gesalf was, het al die Filistyne opgetrek om Dauid te soek. Toe Dauid dit hoor, het hy teen hulle uitgetrek.
9 En die Filistyne het gekom en hulle versprei in die dal Refáim.
10 Toe het Dauid Aleim geraadpleeg en gesê: Sal ek optrek teen die Filistyne, en sal U hulle in my hand gee? En IEUE het aan hom gesê: Trek op, en Ek sal hulle in jou hand gee.
11 En toe hulle optrek by Baäl-Pérasim, het Dauid hulle daar verslaan, en Dauid het gesê: Aleim het deur my hand deur my vyande gebreek soos water deurbreek; daarom het hulle dié plek Baäl-Pérasim genoem.
12 En hulle het hul gode daar agtergelaat; en Dauid het bevel gegee, en hulle is met vuur verbrand.
13 Maar die Filistyne het hulle nog weer in die dal versprei.
14 Toe raadpleeg Dauid Aleim weer, en Aleim het aan hom gesê: Jy moet nie agter hulle aan optrek nie; trek om, van hulle af weg, en val hulle vlak voor die balsembosse aan.
15 En as jy 'n geruis van voetstappe in die toppe van die balsembosse hoor, trek dan uit vir die geveg, want Aleim het voor jou uitgetrek om die leër van die Filistyne te verslaan.
16 En Dauid het gedoen soos Aleim hom beveel het, en hulle het die leër van die Filistyne verslaan van Gíbeon af tot by Geser.
17 En die naam van Dauid het uitgegaan in al die lande, en IEUE het die skrik vir hom op al die nasies gelê.

## Dauid Bring die Ark na Jerusalem.

**15** En hy het vir hom huise gebou in die stad van Dauid, en 'n plek reggemaak vir die ark van Aleim en daarvoor 'n tent opgeslaan.
2 Toe sê Dauid: Niemand mag die ark van Aleim dra nie, behalwe die Leviete; want IEUE het hulle uitverkies om die ark van Aleim te dra en om Hom tot in ewigheid te dien.
3 En Dauid het die hele Isrhael in Jerusalem versamel om die ark van IEUE te bring na sy plek wat hy daarvoor reggemaak het.
4 En Dauid het die seuns van Aaron en die Leviete versamel:
5 van die seuns van Kehat: Uriël, die owerste, en sy broers, honderd en twintig;
6 van die seuns van Merári: Asaia, die owerste, en sy broers, twee honderd en twintig;
7 van die seuns van Gersom: Ioel, die owerste, en sy broers, honderd en dertig;
8 van die seuns van Elisáfan: Semaia, die owerste, en sy broers, twee honderd;
9 van die seuns van Hebron: Éliël, die owerste, en sy broers, tagtig;
10 van die seuns van Ussiël: Amminádab, die owerste, en sy broers, honderd en twaalf.
11 En Dauid het Sadok en Abiatar, die priesters, en die Leviete Uriël, Asaia en Ioel, Semaia en Éliël en Amminádab laat roep
12 en aan hulle gesê: Julle is hoofde van families van die Leviete; heilig julle, julle en jul broers, en bring die ark van IEUE, die Aleim van Isrhael, op

na die plek wat ek daarvoor reggemaak het.
13 Want omdat julle in die begin nie by was nie, het IEUE onse Aleim teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het soos dit behoort nie.
14 Daarop het die priesters en die Leviete hulle geheilig om die ark van IEUE, die Aleim van Isrhael, te gaan haal.
15 En die seuns van die Leviete het die ark van Aleim, soos Mouses volgens die Woord van IEUE beveel het, op hulle skouers gedra, met die draaghoute op hulle.
16 En Dauid het aan die owerstes van die Leviete gesê om hulle broers, die sangers, op te stel met musiekinstrumente, harpe en siters en simbale, om hulle te laat hoor deur die stem met blydskap te verhef.
17 Die Leviete het toe Heman, die seun van Ioel, opgestel, en uit sy broers Asaf, die seun van Beregia; en uit die seuns van Merári, hulle broers, Etan, die seun van Kusáia;
18 en saam met hulle hul broers van die tweede rang: Sagaría, en Iasäiël en Semíramot en Iehiel en Unni, Elíab en Benaia en Maaseia en Mattitia en Eliféle en Mikneia en Obed-Edom en Ieï-el, die poortwagters;
19 en die sangers Heman, Asaf en Etan om met kopersimbale musiek te maak;
20 en Sagaría en Asiël en Semíramot en Iehiel en Unni en Elíab en Maaseia en Benaia met harpe, met sopraanstemme;
21 en Mattitia en Eliféle en Mikneia en Obed-Edom en Ieï-el en Asasia met siters om in die bas leiding te gee.
22 En Kenania, die owerste van die Leviete, was aangestel oor die vervoer; hy het die vervoer gereël want hy het dit verstaan.
23 En Beregia en Élkana was poortwagters by die ark.
24 En die priesters Sebania en Iosafat en Netáneël en Amásai en Sagaría en Benaia en Eliëser het op die trompette geblaas voor die ark van Aleim uit; en Obed-Edom en Iehía was poortwagters van die ark.
25 Dauid en die oudstes van Isrhael en die owerstes oor duisend het toe gegaan om die verbondsark van IEUE met vreugde uit die huis van Obed-Edom te gaan haal.
26 En terwyl Aleim die Leviete help wat die verbondsark van IEUE dra, het hulle sewe bulle en sewe ramme geoffer.
27 En Dauid het 'n mantel van fyn linne aangehad, ook al die Leviete wat die ark gedra het, en die sangers en Kenania, die owerste oor die voordrag van die sangers; en Dauid het 'n linneskouerkleed aangehad.
28 En die hele Isrhael het die verbondsark van IEUE gaan haal met gejuig en basuingeklank en met trompette en simbale, onderwyl hulle musiek maak op harpe en siters.
29 Toe die verbondsark van IEUE by die stad van Dauid kom, kyk Migal, die dogter van Saulo, deur die venster uit en sien koning Dauid dans en speel, en sy het hom in haar hart verag.

### Dauid se Lied van Danksegging.

**16** Nadat hulle die ark ingebring en dit neergesit het binne-in die tent wat Dauid daarvoor opgeslaan het, het hulle brandoffers en dankoffers gebring voor die aangesig van Aleim.
2 Toe Dauid gereed was met die brandoffer en die dankoffers, het hy die volk in die Naam van IEUE geseën.
3 En hy het aan elkeen van Isrhael, manne sowel as vroue, aan elkeen 'n broodjie en 'n stuk vleis en 'n rosynekoek uitgedeel.
4 En hy het uit die Leviete dienaars aangestel voor die ark van IEUE, en dit om IEUE, die Aleim van Isrhael, te roem en te loof en te prys:
5 Asaf, die hoof, en Sagaría, die tweede in rang ná hom; Ieï-el en Semíramot en Iehiel en Mattitia en Elíab en Benaia en Obed-Edom en Ieï-el met harp-- en siterinstrumente, terwyl Asaf met die simbale musiek gemaak het,
6 en Benaia en Iahasiel, die priesters, gedurigdeur met trompette voor die verbondsark van Aleim.
7 Op dieselfde dag, toe vir die eerste maal, het Dauid aan Asaf en sy broers opgedra om "loof IEUE" te sing.

8 Loof IEUE, roep Sy Naam aan, maak
onder die volke Sy dade bekend!
9 Sing, psalmsing tot Sy eer, spreek van al
Sy wonders.
10 Beroem julle in Sy heilige Naam; laat die
hart van die wat IEUE soek, bly wees.
11 Vra na IEUE en Sy sterkte; soek Sy
aangesig altyddeur.
12 Dink aan Sy wonders wat Hy gedoen het,
aan Sy wondertekens en die oordele van
Sy mond,
13 o nageslag van Isrhael, Sy kneg, o kinders
van Iakob, Sy uitverkorenes!

14 Hy, IEUE is onse Aleim; oor die ganse
aarde is Sy oordele.
15 Dink vir ewig aan Sy verbond, aan die
Woord wat Hy ingestel het vir duisend geslagte--
16 die verbond wat Hy met Abraam gesluit
het, en Sy eed aan Isaak;
17 wat Hy ook vir Iakob as insetting
bekragtig het, vir Isrhael as 'n ewige
verbond,
18 met die Woorde: Ek sal aan jou die land
Kanaän gee, julle afgemete erfdeel.

19 Toe julle min mense was, min en
vreemdelinge daarin,

20 en hulle getrek het van nasie tot nasie, en van die een koninkryk na die ander volk,
21 het Hy niemand toegelaat om hulle te verdruk nie; ook het Hy konings om hulle ontwil gestraf en gesê:
22 Raak My gesalfdes nie aan en doen My profete geen kwaad nie.

23 Sing tot eer van IEUE, o ganse aarde! Verkondig Sy heil van dag tot dag.
24 Vertel onder die nasies Sy eer, onder al die volke Sy wonders.

25 Want IEUE is groot en baie lofwaardig, en Hy is gedug bo al die gode.
26 Want al die gode van die volke is afgode, maar IEUE het die hemele gemaak.
27 Majesteit en heerlikheid is voor Sy aangesig, sterkte en blydskap is in Sy woonplek.

28 Gee aan IEUE, o geslagte van die volke, gee aan IEUE eer en sterkte.
29 Gee aan IEUE die eer van Sy Naam, bring offers en kom voor Sy aangesig, aanbid die IEUE in heilige gewaad.
30 Beef voor Sy aangesig, o ganse aarde! Ook staan die wêreld vas, sodat dit nie wankel nie.

31 Laat die hemele bly wees en die aarde juig, en laat hulle onder die volke sê: IEUE is Koning!
32 Laat die see en Sy volheid bruis, laat die veld juig en al wat daarin is.
33 Dan sal die bome van die bos jubel voor die aangesig van IEUE; want Hy kom om die aarde te oordeel.

34 Loof IEUE, want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid;
35 en sê: Verlos ons, Aleim van ons heil, en versamel ons en red ons van die nasies, dat ons U heilige Naam kan loof en ons beroem in U lof!

36 Geloofd Sy IEUE, die Aleim van Isrhael, van ewigheid tot ewigheid!

En die hele volk het gesê: Amen! en: Prys IEUE!
37 En hy het daar voor die verbondsark van IEUE Asaf en sy broers laat staan om gedurigdeur te dien voor die ark na die eis van elke dag;
38 en ook Obed-Edom met hulle broers, agt en sestig, en Obed-Edom, die seun van Iedutun, en Osa as poortwagters;
39 maar Sadok, die priester, met sy broers, die priesters, voor die tabernakel van IEUE, op die hoogte wat in Gíbeon is,
40 om gedurigdeur smôrens en saans op die brandofferaltaar brandoffers aan IEUE te bring, en dit volgens alles wat geskrywe is in die wet van IEUE wat Hy Isrhael beveel het;
41 en saam met hulle Heman en Iedutun en die ander uitgesoektes wat met hulle name aangewys was om IEUE te loof dat Sy goedertierenheid tot in ewigheid is;
42 en by hulle, Heman en Iedutun, was trompette en simbale vir die musikante en instrumente vir die liedere tot eer van Aleim; maar die seuns van Iedutun was by die poort.
43 En toe die hele volk elkeen na sy huis gegaan het, het Dauid omgedraai om sy huisgesin te seën.

## Aleim se Belofte aan Dauid.

**17** En toe Dauid in sy huis gewoon het, sê Dauid aan die profeet Natan: Kyk, ék woon in 'n huis van sederhout, maar die verbondsark van IEUE onder tentdoeke.
2 Toe sê Natan vir Dauid: Doen alles wat in u hart is, want Aleim is met u.
3 Maar in dieselfde nag kom die Woord van Aleim tot Natan en sê:
4 Gaan sê vir Dauid, My kneg: So spreek IEUE: Jy mag nie vir My die huis bou om in te woon nie.
5 Ek het tog in geen huis gewoon van die dag af dat Ek Isrhael laat optrek het tot vandag toe nie, maar Ek het gekom van tent tot tent, en van tabernakel tot tabernakel.
6 Oral waar Ek rondgetrek het onder die hele Isrhael, het Ek ooit 'n woord gespreek met een van die Rigters van Isrhael wat Ek aangestel het om My volk op te pas, en gesê: Waarom bou julle nie vir My 'n huis van sederhout nie?
7 So moet jy dan nou aan My kneg Dauid sê: So spreek IEUE van die leërskare: Ek self het jou geneem uit die weiveld, agter die skape weg, om 'n vors te wees oor My volk Isrhael.
8 En Ek was met jou oral waar jy gegaan het, en het al jou vyande uitgeroei voor jou uit; en Ek sal vir jou 'n naam maak soos die naam van die grotes wat op die aarde is;
9 en Ek sal vir My volk Isrhael 'n plek bestel en hom plant, dat hy op sy eie plek kan woon en nie langer verontrus word nie. En kwaaddoeners sal hom nie meer mishandel soos vroeër nie,
10 naamlik van die dae af dat Ek Rigters oor My volk Isrhael aangestel het; en Ek sal al jou vyande verneder. Daarom gee ek jou te kenne dat IEUE vir jou 'n huis sal stig.
11 En as jou dae vol is om heen te gaan saam met jou vaders, sal Ek jou nakomeling wat uit jou seuns sal wees, laat optree en sy koningskap bevestig.
12 Hy sal vir My 'n huis bou, en Ek sal sy troon

bevestig tot in ewigheid.
13 Ék sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My
'n seun wees, en My goedertierenheid sal Ek van
hom nie laat wyk soos Ek dit onttrek het aan hom
wat voor jou gewees het nie.
14 Maar Ek sal hom laat bestaan in My huis en in
My koninkryk tot in ewigheid, en sy troon sal vas
staan tot in ewigheid.
15 Volgens al hierdie woorde en volgens hierdie
hele gesig, so het Natan met Dauid gespreek.
16 Toe het koning Dauid heengegaan en voor
die aangesig van IEUE gebly en gesê: Wie is ek,
IEUE Aleim, en wat is my huis, dat U my tot
hiertoe gebring het?
17 En dit was nog te gering in U oë, o Aleim,
sodat U aangaande die huis van U kneg tot ver in
die toekoms gespreek en my vorentoe as 'n reeks
van mense gesien het, IEUE Aleim!
18 Wat kan Dauid daar nog vir U byvoeg met die
oog op die eer wat U kneg aangedoen is; en U
ken U kneg.
19 IEUE, ter wille van U kneg en volgens U hart
het U hierdie hele groot saak gedoen om al
hierdie groot dinge bekend te maak.
20 IEUE, daar is niemand soos U, en daar is geen
Aleim behalwe U nie, volgens alles wat ons met
ons ore gehoor het.
21 En wie is soos U volk Isrhael, 'n enige nasie
op die aarde, wat Aleim vir Hom as 'n volk gaan
verlos het, om vir U 'n naam te maak deur groot
en vreeslike dinge, deur voor U volk uit, wat U uit
Egipte verlos het, nasies te verdrywe.
22 En U het U volk Isrhael vir U as 'n volk tot in
ewigheid gemaak; en U, IEUE, U het vir hulle 'n
Aleim geword.
23 Laat dan nou, IEUE, die woord wat U oor U
kneg en oor sy huis gespreek het, tot in ewigheid
waar gemaak word, en doen soos U gespreek het.
24 Ja, laat dit waar gemaak word en laat U Naam
groot word tot in ewigheid, deurdat hulle sê: IEUE
van die leërskare, die Aleim van Isrhael, is Isrhael
se Aleim, en die huis van U kneg Dauid is
bestendig voor u aangesig.
25 Want U, my Aleim, het die oor van U kneg
geopen, dat U vir hom 'n huis sal stig; daarom het
U kneg vrymoedigheid gevind om voor U
aangesig te bid.
26 En nou, IEUE, U is Aleim, en U het hierdie
goeie saak oor U kneg gespreek.
27 Dit het U dan nou behaag om die huis van U
kneg te seën om vir ewig voor U aangesig te
wees; want U, IEUE, het geseën, en dit sal vir ewig
geseënd wees.

### Dauid Vergroot sy koninkryk.

**18** En hierna het Dauid die Filistyne verslaan en
hulle onderwerp; en hy het Gat met sy
onderhorige plekke uit die hand van die Filistyne
geneem.
2 Hy het ook die Moabiete verslaan, sodat die
Moabiete Dauid se belastingpligtige knegte
geword het.
3 Dauid het ook Hadaréser, die koning van Soba,
na Hamat toe verslaan, toe hy getrek het om sy
mag aan die Eufraatrivier te bevestig.
4 En Dauid het van hom duisend strydwaens en
sewe duisend perderuiters en twintig duisend
man voetgangers afgeneem; en Dauid het al die
trekperde se hakskeensenings afgesny, maar
honderd trekperde daarvan laat oorbly.
5 En die Siriane van Damaskus het gekom om
Hadaréser, die koning van Soba, te help; maar
Dauid het onder die Siriane twee en twintig
duisend man verslaan.
6 En Dauid het wagposte in Sirie-Damaskus
geplaas, sodat die Siriane Dauid se
belastingpligtige knegte was; en IEUE het Dauid
die oorwinning gegee oral waar hy getrek het.
7 En Dauid het die goue skilde geneem wat die
dienaars van Hadaréser gedra het, en dit na
Jerusalem gebring.
8 En uit Tibhat en uit Kun, stede van Hadaréser,
het Dauid ontsaglik veel koper weggeneem;
daarvan het Solomon die kopersee en die pilare
en die kopergereedskappe gemaak.
9 Toe Toü, die koning van Hamat, hoor dat
Dauid die hele leërmag van Hadaréser, die koning
van Soba, verslaan het,
10 stuur hy sy seun Hadóram na koning Dauid
om hom na die welstand te vra en hom geluk te
wens dat hy teen Hadaréser geveg en hom
verslaan het, want Hadaréser was 'n vyand van
Toü. Ook allerhande goue en silwer-- en
kopervoorwerpe het hy saamgebring.
11 Dit het koning Dauid ook aan IEUE geheilig
saam met die silwer en die goud wat hy van al die
nasies geneem het, van die Edomiete en van die
Moabiete en van die kinders van Ammon en van
die Filistyne en van die Amalekiete.
12 Ook het Abísai, die seun van Seruia, die
Edomiete in die Soutdal verslaan, agttien duisend.
13 En hy het wagposte in Edom geplaas, sodat al
die Edomiete knegte van Dauid geword het; en
IEUE het Dauid die oorwinning gegee oral waar hy
getrek het.
14 En Dauid het oor die hele Isrhael geregeer en
reg en geregtigheid aan sy hele volk gedoen.
15 En Ioab, die seun van Seruia, was oor die leër;
en Iosafat, die seun van Ahílud, was kanselier.
16 En Sadok, die seun van Ahítub, en Ahiméleg,
die seun van Abiatar, was priesters, en Sausa was
skrywer.
17 En Benaia, die seun van Ioiada, was oor die
Kreti en die Pleti, en die oudste seuns van Dauid
was in diens van die koning.

### Dauid oorwin Ammon en die Siriane.

**19** Daarna het Nahas, die koning van die

kinders van Ammon, gesterwe, en sy seun het in sy plek koning geword.
2 Toe sê Dauid: Ek wil guns bewys aan Hanun, die seun van Nahas, want sy vader het aan my guns bewys. Daarom het Dauid boodskappers gestuur om hom te troos oor sy vader. Toe dan die dienaars van Dauid in die land van die kinders van Ammon by Hanun aankom om hom te troos,
3 het die vorste van die kinders van Ammon vir Hanun gesê: Eer Dauid u vader in u oë, omdat hy vir u troosters gestuur het? Het sy dienaars nie na u gekom om die land te deursoek en dit om te keer en te verken nie?
4 Daarop neem Hanun die dienaars van Dauid en skeer hulle en sny hulle klere in die helfte af tot by die sitplek, en hy het hulle laat gaan.
5 En toe hulle heengegaan het en van Dauid aangaande die manne berig gebring is, stuur hy bodes om hulle te ontmoet, want die manne was baie skaam; en die koning het gesê: Bly in Jérigo totdat julle baard weer gegroei het; kom dan terug.
6 Toe die kinders van Ammon sien dat hulle hul by Dauid gehaat gemaak het, het Hanun en die kinders van Ammon duisend talente silwer gestuur om vir hulle strydwaens en perderuiters uit Mesopotámië en uit Sirie-Máága en uit Soba te huur.
7 En hulle het vir hulle twee en dertig duisend waens gehuur, en die koning van Máága met sy manskappe; en hulle het gekom en voor Medéba laer opgeslaan; ook die kinders van Ammon het saamgekom uit hulle stede om oorlog te voer.
8 En Dauid het dit gehoor en Ioab met die hele leër, die helde, gestuur.
9 En die kinders van Ammon het uitgetrek en hulle in slagorde opgestel by die ingang van die stad, terwyl die konings wat gekom het, afsonderlik in die veld was.
10 Toe Ioab sien dat 'n aanval van voor sowel as van agter hom bedreig, het hy uit al die uitgesoektes in Isrhael uitgekies en hulle teenoor die Siriane opgestel.
11 Maar die orige manskappe het hy onder bevel van sy broer Abísai gegee, en hulle het hul teenoor die kinders van Ammon opgestel.
12 En hy het gesê: As die Siriane vir my te sterk word, dan moet jy my te hulp kom, en as die kinders van Ammon vir jou te sterk word, sal ek jou te hulp kom.
13 Wees sterk en laat ons saam moedig wees vir ons volk en vir die stede van onse Aleim. Mag IEUE dan doen wat goed is in Sy oë!
14 Daarop het Ioab en die manskappe wat by hom was, nader gekom vir die geveg voor die Siriane, en hulle het vir hom gevlug.
15 Toe die kinders van Ammon sien dat die Siriane vlug, het hulle ook vir sy broer Abísai gevlug en die stad ingegaan. En Ioab het in Jerusalem aangekom.
16 Toe die Siriane dan sien dat hulle voor Isrhael verslaan was, het hulle boodskappers gestuur en die Siriane laat uittrek wat oorkant die Eufraat was, met Sofag, die leërowerste van Hadaréser, op hulle voorpunt.
17 Intussen het Dauid daarvan berig ontvang en die hele Isrhael versamel en deur die Jordaan getrek. Toe hy by hulle aangekom het, het hy hom teen hulle opgestel; en nadat Dauid hom teenoor die Siriane opgestel het, het hulle teen hom geveg.
18 Maar die Siriane het vir Isrhael gevlug, en Dauid het van die Siriane sewe duisend trekperde en veertig duisend man voetgangers gedood; ook Sofag, die leërowerste, het hy gedood.
19 En toe die dienaars van Hadaréser sien dat hulle voor Isrhael verslaan was, het hulle met Dauid vrede gesluit en hom gedien; en die Siriane wou die kinders van Ammon nie verder help nie.

### Die Val van die Filistynse Reus.

**20** En ná verloop van 'n jaar, teen die tyd dat die konings uittrek, het Ioab die leërmag aangevoer en die land van die kinders van Ammon verwoes; hy het ook gekom en Rabba beleër, terwyl Dauid in Jerusalem gebly het. En Ioab het Rabba verslaan en dit afgebreek.
2 En Dauid het die kroon van Milkom van sy hoof afgeneem en bevind dat die gewig daarvan 'n talent goud was; en daarin was 'n kosbare steen, en dit het op die hoof van Dauid gekom; en hy het 'n baie groot buit van die stad uitgebring.
3 Hy het ook die bevolking wat daarin was, uitgebring en hulle met die saag laat saag, en met ysterpenne en met byle laat werk; en so het Dauid gedoen met al die stede van die kinders van Ammon. Toe het Dauid met al die manskappe na Jerusalem teruggegaan.
4 En daarna het daar by Geser oorlog ontstaan met die Filistyne; toe het Síbbegai, die Husatiet, Síppai, uit die kinders van die Refaïte verslaan, sodat hulle onderworpe geraak het.
5 En daar was weer oorlog met die Filistyne; en Élhanan, die seun van Iair, het Lagmi, die broer van Goliat, die Gittiet, wie se spiessteel soos 'n wewersbalk was, verslaan.
6 En daar was weer oorlog by Gat, en daar was 'n baie lang man met ses vingers aan elke hand en voet, vier en twintig; en hy was ook 'n afstammeling van die Refaïete.
7 En hy het Isrhael uitgedaag, maar Ionatan, die seun van Símea, die broer van Dauid, het hom verslaan.
8 Hulle was afstammelinge van die Refaïete in Gat, en hulle het geval deur die hand van Dauid en deur die hand van sy dienaars.

### Dauid bou die Altaar.

**21** Toe het satan teen Isrhael opgetree en
Dauid aangehits om Isrhael te tel.
2 En Dauid het aan Ioab en die owerstes van die
volk gesê: Gaan tel Isrhael van Berséba tot Dan,
en bring vir my berig, dat ek hulle getal kan weet.
3 En Ioab sê: Mag IEUE by Sy volk honderd maal
meer byvoeg as wat hulle is; hulle is tog almal,
my heer koning, my heer se dienaars. Waarom
verlang my heer dit? Waarom moet Isrhael skuldig
word?
4 Maar die woord van die koning het die oorhand
gehad oor Ioab, en Ioab het uitgetrek en die hele
Isrhael deurgetrek en in Jerusalem aangekom.
5 En Ioab het die getal van die volkstelling aan
Dauid gegee; en die hele Isrhael was elf honderd
duisend man wat die swaard uittrek, en Juda vier
honderd en sewentig duisend man wat die swaard
uittrek.
6 Maar Leui en Beniamin het hy nie onder hulle
getel nie, want die woord van die koning was vir
Ioab 'n gruwel.
7 En hierdie saak was verkeerd in die oë van
Aleim; daarom het Hy Isrhael swaar getref.
8 Toe sê Dauid tot Aleim: Ek het swaar gesondig,
dat ek hierdie ding gedoen het; maar vergeef tog
nou die skuld van U kneg, want ek het my baie
besondig.
9 En IEUE het met Gad, die siener van Dauid,
gespreek en gesê:
10 Gaan heen en spreek met Dauid en sê: So
spreek IEUE: Drie dinge lê Ek jou voor; kies vir jou
een daaruit, dat Ek dit aan jou kan doen.
11 Toe kom Gad by Dauid en sê vir hom: So
spreek IEUE: Kies vir jou
12 óf drie jaar lank hongersnood, óf om drie
maande lank om te kom vanweë jou teëstanders
deurdat die swaard van jou vyande jou inhaal, óf
drie dae lank die swaard van IEUE, naamlik pes in
die land deurdat die engel van IEUE verderf aanrig
in die hele grondgebied van Isrhael; oorweeg dan
nou watter antwoord ek my Sender moet bring.
13 Daarop sê Dauid vir Gad: Ek is baie benoud;
laat my tog in die hand van IEUE val, want sy
barmhartighede is baie groot, maar laat my in die
hand van mense nie val nie.
14 En IEUE het 'n pes onder Isrhael beskik, en
van Isrhael het daar sewentig duisend man geval.
15 En Aleim het 'n engel na Jerusalem gestuur
om dit te verwoes; en terwyl hy dit verwoes, het
IEUE dit gesien, en dit het Hom berou oor die
onheil, en Hy het aan die engel wat die
verwoesting moes aanrig, gesê: Genoeg, trek nou
jou hand terug! En die engel van IEUE het by die
dorsvloer van Ornan, die Jebusiet, gestaan.
16 Toe Dauid sy oë opslaan, sien hy die engel
van IEUE staan tussen die aarde en die hemel met
sy ontblote swaard in sy hand oor Jerusalem
uitgestrek. Daarop val Dauid en die oudstes, met
rouklere bedek, op hulle aangesig.
17 En Dauid sê tot Aleim: Is dit nie ék wat beveel
het om die volk te tel nie? Ja, dit is ek wat
gesondig en baie verkeerd gehandel het; maar
hierdie skape, wat het hulle gedoen? IEUE, my
Aleim, laat u hand tog teen my en my familie
wees, maar nie as 'n plaag teen U volk nie.
18 Daarop gee die engel van IEUE bevel aan Gad
om aan Dauid te sê dat Dauid moet opgaan om
vir IEUE 'n altaar op te rig op die dorsvloer van
Ornan, die Jebusiet.
19 En Dauid het opgegaan volgens die woord van
Gad wat hy in die Naam van IEUE gespreek het.
20 Toe Ornan hom omdraai, sien hy die engel;
en sy vier seuns wat by hom was, het hulle
weggesteek; Ornan het naamlik koring gedors.
21 Toe Dauid by Ornan kom, het Ornan opgekyk
en Dauid gesien, en hy het van die dorsvloer
uitgegaan en hom voor Dauid met sy aangesig na
die aarde gebuig.
22 Daarop sê Dauid vir Ornan: Gee aan my die
plek van die dorsvloer, dat ek daarop vir IEUE 'n
altaar kan bou; gee dit aan my vir die volle geld,
sodat die plaag van die volk afgewend kan word.
23 Maar Ornan sê vir Dauid: Neem dit vir u, en
laat my heer die koning doen wat goed is in sy
oë; kyk, ek gee die beeste as brandoffers en die
sleë as hout en die koring as 'n spysoffer; ek gee
dit alles.
24 Maar koning Dauid het vir Ornan gesê: Nee,
maar ek wil dit verseker koop vir die volle geld;
want ek wil nie wat aan jou behoort, vir IEUE
neem, dat ek verniet 'n brandoffer sou bring nie.
25 En Dauid het vir die plek ses honderd sikkels
goud in gewig aan Ornan gegee.
26 En Dauid het daar vir IEUE 'n altaar gebou en
brandoffers en dankoffers gebring. Onderwyl hy
IEUE aanroep, het Hy hom met vuur uit die hemel
op die brandofferaltaar geantwoord.
27 En IEUE het die engel beveel om sy swaard
weer in die skede te steek.
28 In dié tyd, toe Dauid sien dat IEUE hom
geantwoord het op die dorsvloer van Ornan, die
Jebusiet, het hy daar geoffer;
29 want die tabernakel van IEUE wat Mouses in
die woestyn gemaak het, en die brandofferaltaar
was in dié tyd op die hoogte in Gíbeon.
30 En Dauid het nie daarvoor durf verskyn om
Aleim te soek nie, want hy was verskrik vanweë
die swaard van die engel van IEUE.

### Dauid doen Voorbereidings om die Tempel te Bou.

**22** En Dauid het gesê: Dit is die huis van IEUE
Aleim, en dit is die brandofferaltaar vir Isrhael.
2 En Dauid het bevel gegee om die vreemdelinge
wat in die land van Isrhael was, te versamel, en hy
het klipkappers aangestel om gekapte klippe reg
te slaan om die huis van Aleim te bou.
3 En Dauid het yster in groot hoeveelheid

byeengebring as spykers vir die poortdeure en as
kramme, en koper in menigte, onweegbaar;
4 verder sederblokke, ontelbaar; want die
Sidoniërs en die Tiriërs het vir Dauid sederblokke
in menigte gebring.
5 Want Dauid het gesê: My seun Solomon is jonk
en teer, en die huis wat vir IEUE gebou moet
word, moet buitengewoon groot wees, tot 'n
roem en 'n sieraad van al die lande; laat my dan
vir hom die bou voorberei. Daarom het Dauid
voor sy dood groot toebereidsels gemaak.
6 Daarop het hy sy seun Solomon geroep en
hom bevel gegee om 'n huis vir IEUE, die Aleim
van Isrhael, te bou.
7 En Dauid het aan Solomon gesê: My seun, ek
self het my voorgeneem om 'n huis te bou vir die
Naam van IEUE my Aleim.
8 Maar die Woord van IEUE het tot my gekom en
gesê: Jy het bloed in menigte vergiet en groot
oorloë gevoer: jy mag nie vir My Naam 'n huis
bou nie, omdat jy baie bloed op die aarde voor
My aangesig vergiet het.
9 Kyk, 'n seun sal vir jou gebore word; hy sal 'n
man van rus wees, en Ek sal hom rus verskaf van
al sy vyande rondom; want Solomon sal sy naam
wees, en vrede en rus sal Ek oor Isrhael in sy dae
gee.
10 Hy sal vir My Naam 'n huis bou, en hy sal vir
My 'n seun wees, en Ek vir hom 'n Vader; en Ek sal
die troon van sy koningskap oor Isrhael bevestig
tot in ewigheid.
11 Nou, my seun, mag IEUE met jou wees, dat jy
voorspoedig kan wees om die huis van IEUE jou
Aleim te bou soos Hy oor jou gespreek het.
12 Mag IEUE jou net insig en verstand gee en jou
aanstel oor Isrhael; en dit om die wet van IEUE jou
Aleim te onderhou.
13 Dan sal jy voorspoedig wees as jy sorgvuldig
die insettinge en verordeninge onderhou wat IEUE
aan Mouses oor Isrhael beveel het; wees sterk en
vol moed, wees nie bevrees en wees nie verskrik
nie.
14 En kyk, deur my moeitevolle arbeid het ek vir
die huis van IEUE honderd duisend talente goud
en 'n miljoen talente silwer gereed gelê, en die
koper en die yster is onweegbaar; want dit is daar
in groot hoeveelheid; en hout en klippe het ek in
gereedheid gebring; en jy kan daar nog meer
byvoeg.
15 Verder is daar by jou werksmense in menigte:
klipkappers en ambagsmanne in klip en hout, en
allerhande kunstenaars in allerhande werk.
16 Wat die goud, die silwer en die koper en die
yster betref, dit is ontelbaar. Maak jou klaar en
gaan aan die werk, en mag IEUE met jou wees!
17 En Dauid het al die vorste van Isrhael bevel
gegee om sy seun Solomon te help, en gesê:
18 Was IEUE julle Aleim nie met julle en het Hy
julle nie rondom rus gegee nie? Ja, Hy het die
inwoners van die land in my hand gegee, en die
land is voor die aangesig van IEUE en voor Sy volk
onderwerp.
19 Rig nou julle hart en julle siel daarop om IEUE
julle Aleim te soek, en maak julle gereed en bou
die heiligdom van IEUE Aleim, dat julle die
verbondsark van IEUE en die heilige voorwerpe
van Aleim kan bring in die huis wat vir die Naam
van IEUE gebou sal word.

## Afdelings en Funksies van die Liviete.

**23** Toe Dauid oud en afgeleef was, het hy sy
seun Solomon koning oor Isrhael gemaak.
2 En hy het al die vorste van Isrhael en die
priesters en die Leviete bymekaar laat kom.
3 En die Leviete is getel, van dertig jaar oud en
daarbo, en hulle getal was, hoof vir hoof, agt en
dertig duisend man.
4 Van hulle moet vier en twintig duisend toesig
hou oor die werk in die huis van IEUE en ses
duisend opsigters en regters wees;
5 en vier duisend poortwagters en vier duisend
lofsangers tot eer van IEUE met die instrumente
wat ek, het Dauid gesê, gemaak het om lof te
sing.
6 En Dauid het hulle verdeel in afdelings volgens
die seuns van Leui: Gerson, Kehat en Merári.
7 Van die Gersoniete: Láedan en Símeï.
8 Die seuns van Láedan was: die hoof Iehiel en
Setam en Ioel, drie;
9 die seuns van Símeï was: Selómit en Hasíël en
Haran, drie; dit was die familiehoofde van Láedan.
10 En die seuns van Símeï was: Iahat, Sina en
Iehus en Bería; dit was die vier seuns van Símeï.
11 En Iahat was die hoof, en Sisa die tweede;
maar Iehus en Bería het nie baie kinders gehad
nie, sodat hulle saam 'n familie, een klas gevorm
het.
12 Die seuns van Kehat was: Amram, Ishar,
Hebron en Ussiël, vier.
13 Die seuns van Amram was Aaron en Mouses.
En Aaron is afgesonder om die hoogheilige dinge
te heilig, hy en sy seuns, tot in ewigheid, om
offerrook te laat opgaan voor die aangesig van
IEUE, om Hom te dien en om in Sy Naam tot in
ewigheid te seën.
14 En wat Mouses, die man van Aleim, betref, sy
seuns is by die stam van Leui gereken.
15 Die seuns van Mouses was Gersom en Eliëser;
16 die seuns van Gersom: Sébuel, die hoof.
17 En die seuns van Eliëser was Rehabia, die
hoof; en Eliëser het nie ander seuns gehad nie,
maar die seuns van Rehabia het buitengewoon
vermeerder;
18 die seuns van Ishar: Selómit, die hoof;
19 die seuns van Hebron: Ieria, die hoof, Amaria,
die tweede, Iahasiel, die derde, en Iekameam, die
vierde;
20 die seuns van Ussiël: Miga, die hoof, en Issia,

die tweede;
21 die seuns van Merári: Magli en Musi; die seuns van Magli: Eleásar en Kis.
22 En Eleásar het gesterwe en geen seuns gehad nie, net dogters; en die seuns van Kis, hulle verwante, het hulle geneem.
23 Die seuns van Musi was Magli en Eder en Ieremot, drie.
24 Dit was die seuns van Leui volgens hulle families, die familiehoofde, soos hulle getel is volgens die getal name, hoof vir hoof, wat die dienswerk in die huis van IEUE gedoen het, van twintig jaar oud en daarbo.
25 Want Dauid het gesê: IEUE, die Aleim van Isrhael, het aan Sy volk rus gegee, en Hy woon in Jerusalem tot in ewigheid;
26 so hoef die Leviete dan ook nie meer die tabernakel en al sy voorwerpe vir sy diens te dra nie.
27 Want volgens die laaste woorde van Dauid was dit die telling van die kinders van Leui: van twintig jaar oud en daarbo.
28 Maar hulle plek was langs die seuns van Aaron vir die diens in die huis van IEUE, as opsigters oor die voorhowe en oor die kamers en oor die reiniging van al die heilige dinge en oor die dienswerk in die huis van Aleim;
29 en vir die toonbrode en vir die fynmeel van die spysoffer en vir die ongesuurde platkoeke en vir die bakplaat en vir die deurmekaargeroerde spysoffer en vir al die inhoudsmate en lengtemate;
30 en om môre vir môre te staan om IEUE te loof en te prys, en net so saans;
31 en vir al die offerwerk van die brandoffers aan IEUE op die sabbatte, op die nuwemane en op die feestye, in getal volgens die verordeninge daarvoor, gedurigdeur voor die aangesig van IEUE.
32 So moes hulle dan die diens waarneem van die tent van samekoms en die diens van die heiligdom en die diens tot hulp van die seuns van Aaron, hulle broers, vir die dienswerk in die huis van IEUE.

### Die Afdelings van die Priesters.

**24** Ook die seuns van Aaron het hulle afdelings gehad. Die seuns van Aaron was Nadab en Abíhu, Eleásar en Itamar.
2 Maar Nadab en Abíhu het in teenwoordigheid van hulle vader gesterwe, en hulle het geen seuns gehad nie, sodat Eleásar en Itamar die priesteramp bedien het.
3 En Dauid saam met Sadok, uit die seuns van Eleásar, en Ahiméleg, uit die seuns van Itamar, het hulle volgens hulle amp in hul diens ingedeel.
4 Maar toe dit blyk dat die seuns van Eleásar talryker was aan gesinshoofde as die seuns van Itamar, het hulle dié so ingedeel: vir die seuns van Eleásar sestien familiehoofde en vir die seuns van Itamar volgens hulle families agt.
5 En hulle het hul deur die lot verdeel, die een sowel as die ander; want daar was heilige vorste en vorste van Aleim uit die seuns van Eleásar en onder die seuns van Itamar.
6 En Semaia, die seun van Netáneël, die skrywer, uit die Leviete, het hulle opgeskrywe in teenwoordigheid van die koning en die vorste en die priester Sadok en Ahiméleg, die seun van Abiatar, en die familiehoofde van die priesters en van die Leviete; een familie is uitgeloot vir Eleásar, en telkens weer vir Itamar.
7 En die eerste lot het uitgekom vir Ioiarib, die tweede vir Iedaia,
8 die derde vir Harim, die vierde vir Seórim,
9 die vyfde vir Malkía, die sesde vir Miámin,
10 die sewende vir Hakkos, die agtste vir Abía,
11 die negende vir Iésua, die tiende vir Segania,
12 die elfde vir Eliasib, die twaalfde vir Iakim,
13 die dertiende vir Huppa, die veertiende vir Iesébeab,
14 die vyftiende vir Bilga, die sestiende vir Immer,
15 die sewentiende vir Hesir, die agttiende vir Happísses,
16 die negentiende vir Petágia, die twintigste vir Eségiël,
17 die een en twintigste vir Iagin, die twee en twintigste vir Gamul,
18 die drie en twintigste vir Delaia, die vier en twintigste vir Maäsia.
19 Dit was hulle ampsorde vir hul diens, om in die huis van IEUE te gaan volgens die verordening deur hul vader Aaron aan hulle, soos IEUE, die Aleim van Isrhael, hom beveel het.
20 Wat die origе seuns van Leui betref, van die seuns van Amram: Súbael; van die seuns van Súbael: Iegdeia.
21 Wat Rehabia betref, van die seuns van Rehabia: Issia, die hoof.
22 Van die Ishariete: Selómot; van die seuns van Selómot: Iahat.
23 En die seuns van Hebron: Ieria, die eerste; Amaria, die tweede; Iahasiel, die derde; Iekameam, die vierde.
24 Die seuns van Ussiël: Miga; van die seuns van Miga: Samir.
25 Die broer van Miga was Issia; van die seuns van Issia: Sagaría.
26 Die seuns van Merári was Magli en Musi; die seuns van sy seun Iaäsía.
27 Die seuns van Merári deur sy seun Iaäsía was Soham en Sakkur en Hibri.
28 Van Magli: Eleásar; dié het geen seuns gehad nie.
29 Wat Kis betref, die seuns van Kis was Ieragmeel.
30 En die seuns van Musi was Magli en Eder en

Ierimot. Dit was die seuns van die Leviete volgens hulle families.
31 En hulle het ook die lot gewerp net soos hulle broers, die seuns van Aaron, in teenwoordigheid van koning Dauid en Sadok en Ahiméleg en die familiehoofde van die priesters en van die Leviete: die familiehoof net soos sy jonger broer.

## Die Afdelings van die Musiekmakers.

**25** En Dauid en die leërowerstes het vir die diens die seuns van Asaf en Heman en Iedutun afgesonder, wat op siters en op harpe en op simbale besield gespeel het, en die getal van hulle wat die werk volgens hulle diens gedoen het, was--
2 van die seuns van Asaf: Sakkur en Ioseph en Netania en Asaréla, die seuns van Asaf; onder leiding van Asaf wat volgens aanwysing van die koning besield gespeel het.
3 Van Iedutun, die seuns van Iedutun was Gedalia en Seri en Isaia, Hasabia, Símeï en Mattitia, ses, onder leiding van hulle vader Iedutun wat op die siter besield gespeel het by die loof en prys van IEUE;
4 van Heman, die seuns van Heman was Bukkía, Mattania, Ussiël, Sébuel en Ierimot, Hanania, Hanáni, Eliáta, Giddálti en Romámti-Eser, Iosbekasa, Mallóti, Hotir, Mahásiot.
5 Hulle almal was seuns van Heman, die siener van die koning in die woorde van Aleim. Om hom te versterk, het Aleim aan Heman veertien seuns en drie dogters gegee.
6 Hulle almal was onder leiding van hulle vader by die gesang in die huis van IEUE, met simbale, harpe en siters, vir die diens in die huis van Aleim volgens aanwysing van die koning: Asaf en Iedutun en Heman.
7 En hulle getal saam met hulle broers wat geoefend was in die gesang tot eer van IEUE, almal Meesters, was twee honderd agt en tagtig.
8 En hulle het die lot gewerp vir die reëling van die diens, die kleinste net soos die grootste, die Meester saam met die leerling.
9 En die eerste lot het uitgekom vir Asaf, naamlik vir Ioseph; die tweede vir Gedalia; hy en sy broers en sy seuns was twaalf;
10 die derde vir Sakkur; sy seuns en sy broers, twaalf;
11 die vierde vir Isri; sy seuns en sy broers, twaalf;
12 die vyfde vir Netania; sy seuns en sy broers, twaalf;
13 die sesde vir Bukkía; sy seuns en sy broers, twaalf;
14 die sewende vir Iesarela; sy seuns en sy broers, twaalf;
15 die agtste vir Isaia; sy seuns en sy broers, twaalf;
16 die negende vir Mattania; sy seuns en sy broers, twaalf;
17 die tiende vir Símeï; sy seuns en sy broers, twaalf;
18 die elfde vir Asáreël; sy seuns en sy broers, twaalf;
19 die twaalfde vir Hasabia; sy seuns en sy broers, twaalf;
20 die dertiende vir Súbael; sy seuns en sy broers, twaalf;
21 die veertiende vir Mattitia; sy seuns en sy broers, twaalf;
22 die vyftiende vir Ieremot; sy seuns en sy broers, twaalf;
23 die sestiende vir Hanania; sy seuns en sy broers, twaalf;
24 die sewentiende vir Iosbekasa; sy seuns en sy broers, twaalf;
25 die agttiende vir Hanáni; sy seuns en sy broers, twaalf;
26 die negentiende vir Mallóti; sy seuns en sy broers, twaalf;
27 die twintigste vir Eliáta; sy seuns en sy broers, twaalf;
28 die een en twintigste vir Hotir; sy seuns en sy broers, twaalf;
29 die twee en twintigste vir Giddálti; sy seuns en sy broers, twaalf;
30 die drie en twintigste vir Mahásiot; sy seuns en sy broers, twaalf;
31 die vier en twintigste vir Romámti-Eser; sy seuns en sy broers, twaalf.

## Die Poortwagters en Opsieners.

**26** Wat die afdelings van die poortwagters betref, by die Koragiete het behoort Meselemia, die seun van Kore, van die seuns van Ebiasaf.
2 En Meselemia het seuns gehad: Sagaría, die eersgeborene, Iediael, die tweede, Sebadia, die derde, Iátniël, die vierde,
3 Elam, die vyfde, Iohanan, die sesde, Eliehóënai, die sewende.
4 Obed-Edom het ook seuns gehad: Semaia was die eersgeborene, Iosabad die tweede, Ioag die derde en Sagar die vierde en Netáneël die vyfde,
5 Ammiël die sesde, Issaskarh die sewende, Peülletai die agtste; want Aleim het hom geseën.
6 Ook vir sy seun Semaia is seuns gebore wat in hulle familie geheers het, want hulle was dapper helde.
7 Die seuns van Semaia was Otni en Réfael en Obed, Élsabad; sy broers, flukse manne: Elíhu en Semagia.
8 Hulle almal was uit die seuns van Obed-Edom, hulle en hul seuns en hul broers, flukse manne, bekwaam vir die diens; twee en sestig van Obed-Edom.
9 Meselemia het ook seuns en broers gehad, flukse manne, agttien.
10 En Osa, uit die seuns van Merári, het seuns

gehad: Simri was die hoof; wel was hy nie die eersgeborene nie, maar sy vader het hom as hoof aangestel.
11 Ilkia was die tweede, Tebália die derde, Sagaría die vierde; al die seuns en broers van Osa was dertien.
12 Hierdie afdelings van die poortwagters, die gesinshoofde, het die wag gehad net soos hulle broers, om te dien in die huis van IEUE.
13 En hulle het die lot gewerp, klein en groot, volgens hulle families vir elke poort.
14 En die lot vir die ooste het op Selémia geval; ook vir sy seun Sagaría, wat 'n verstandige raadgewer was, het hulle die lot gewerp; en sy lot het uitgekom vir die noorde;
15 op Obed-Edom vir die suide; en op sy seuns vir die huis van die voorrade;
16 op Suppim en op Osa vir die weste by die poort Salléget aan die grootpad wat opdraand loop, wag naas wag.
17 Vir die ooste was ses Leviete; vir die noorde daagliks vier; vir die suide daagliks vier; maar by die huis van die voorrade telkens twee.
18 By die aanbousel, vir die weste, was vier aan die grootpad, twee by die aanbousel.
19 Dit was die afdelings van die poortwagters van die seuns van die Koragiete en van die seuns van Merári.
20 En die Leviete, hulle broers, oor die skatte van die huis van Aleim en oor die skatte van die heilige gawes was:
21 die seuns van Láedan, die seuns van die Gersoniet Láedan, die familiehoofde van Láedan, die Gersoniet: Iehiëli;
22 die seuns van Iehiëli: Setam en Ioel, sy broer, was oor die skatte van die huis van IEUE.
23 Wat die Amramiete, die Ishariete, die Hebroniete, die Ussiëliete betref,
24 Sébuel, die seun van Gersom, die seun van Mouses, was owerste oor die skatte.
25 En wat sy broers, van Eliëser afkomstig, betref, sy seun was Rehabia, en sy seun Isaia, en sy seun Ioram, en sy seun Sigri, en sy seun Selómot.
26 Hierdie Selómot en sy broers was oor al die skatte van die heilige gawes wat koning Dauid en die familiehoofde, en die owerstes oor duisend en oor honderd en die leërowerstes, geheilig het--
27 van die oorloë en van die buit het hulle dit geheilig om die huis van IEUE daarmee uit te rus--
28 ook alles wat die siener Samuel geheilig het, en Saulo, die seun van Kis, en Abner, die seun van Ner, en Ioab, die seun van Seruia--wie ook al iets geheilig het, was onder bewaring van Selómot en sy broers.
29 Van die Ishariete was Kenania en sy seuns opsigters en regters oor Isrhael vir die uitwendige sake;
30 van die Hebroniete het Hasabia en sy broers, dapper manne, duisend sewe honderd, die opsig gehad oor Isrhael, duskant die Jordaan na die weste toe, vir enige werk van IEUE en vir die diens van die koning.
31 Van die Hebroniete was Ieria die hoof--daar is na die Hebroniete volgens hulle afstamming, volgens families, 'n ondersoek ingestel in die veertigste jaar van die koningskap van Dauid, en daar is onder hulle dapper helde gevind in Iaeser in Gílead--
32 en sy broers, dapper manne, twee duisend sewe honderd familiehoofde; en koning Dauid het hulle aangestel oor die Rubeniete en die Gadiete en die halwe stam van die Manassiete vir enige saak van Aleim en enige saak van die koning.

## Die Amptenare van die Koninkryk.

**27** En dit is die seuns van Isrhael volgens hulle getal, die familiehoofde en die owerstes oor duisend en oor honderd en hulle opsigters, wat die koning gedien het in al die sake van die afdelings wat maand vir maand gedurende al die maande van die jaar ingekom en uitgegaan het; elke afdeling was vier en twintig duisend:
2 oor die eerste afdeling vir die eerste maand was Iasobeam, die seun van Sábdiël; en by sy afdeling was vier en twintig duisend.
3 Uit die seuns van Peres was hy die hoof van al die leërowerstes vir die eerste maand.
4 En oor die afdeling vir die tweede maand was Dódai, die Ahohiet; en oor sy afdeling was die bevelhebber Miklot; by sy afdeling was ook vier en twintig duisend.
5 Die derde leërowerste vir die derde maand was Benaia, die seun van Ioiada, die hoëpriester, en by sy afdeling was vier en twintig duisend.
6 Hierdie Benaia was 'n held van die dertig en oor die dertig, en oor sy afdeling was sy seun, Ammísabad.
7 Die vierde vir die vierde maand was Asahel, die broer van Ioab, en ná hom sy seun Sebadia; by sy afdeling was ook vier en twintig duisend.
8 Die vyfde vir die vyfde maand was die owerste Samhut, die Jisragiet; by sy afdeling was ook vier en twintig duisend.
9 Die sesde vir die sesde maand was Ira, die seun van Ikkes, die Tekoïet; by sy afdeling was ook vier en twintig duisend.
10 Die sewende vir die sewende maand was Heles, die Peloniet, uit die seuns van Efraim; by sy afdeling was ook vier en twintig duisend.
11 Die agtste vir die agtste maand was Síbbegai, die Husatiet, van die Sargiete; by sy afdeling was ook vier en twintig duisend.
12 Die negende vir die negende maand was Abiëser, die Anatotiet, van die Beniaminiete; by sy afdeling was ook vier en twintig duisend.
13 Die tiende vir die tiende maand was Máharai, die Netofatiet, van die Sargiete; by sy afdeling

was ook vier en twintig duisend.
14 Die elfde vir die elfde maand was Benaia, die Pireatoniet, uit die seuns van Efraim; by sy afdeling was ook vier en twintig duisend.
15 Die twaalfde vir die twaalfde maand was Héldai, die Netofatiet, van Otniël afkomstig; by sy afdeling was ook vier en twintig duisend.
16 En oor die stamme van Isrhael: bevelhebber oor die Rubeniete was Eliëser, die seun van Sigri; oor die Simeoniete was Safátia, die seun van Máága;
17 oor die Leviete was Hasabia, die seun van Kémuel; oor die Aaroniete, Sadok;
18 oor Juda was Elíhu, uit die broers van Dauid; oor Issaskarh was Omri, die seun van Mígael;
19 oor Sébulon was Ismaia, die seun van Obadia; oor Náftali was Ierimot, die seun van Asriël;
20 oor die seuns van Efraim was Osée, die seun van Asasia; oor die halwe stam van Manasse was Ioel, die seun van Pedaia;
21 oor die halwe Manasse in Gílead was Iddo, die seun van Sagaría; oor Beniamin was Iaasiel, die seun van Abner;
22 oor Dan was Asáreël, die seun van Ieroham. Dit was die owerstes van die stamme van Isrhael.
23 Maar Dauid het die getal van die wat twintig jaar oud was en daaronder, nie laat opneem nie; want IEUE het gesê dat Hy Isrhael sou vermeerder soos die sterre aan die hemel.
24 Ioab, die seun van Seruia, het begin tel, maar nie voleindig nie, omdat hieroor 'n toorn oor Isrhael gekom het; daarom is die getal nie opgeneem in die optelling in die Kronieke van koning Dauid nie.
25 En oor die skatte van die koning was Asmáwet, die seun van Adiël; en oor die skatte in die land, in die stede en in die dorpe en in die torings, was Ionatan, die seun van Ussía.
26 En oor die landarbeiders, vir die landbou, was Esri, die seun van Kelub.
27 En oor die wingerde was Símeï, die Ramatiet; en oor wat in die wingerde was aan wynvoorrade, was Sabdi, die Sifmiet.
28 En oor die olyfbome en die wildevyebome wat in die Laeveld is, was Baäl-Hanan, die Gederiet; en oor die olievoorrade was Ioas.
29 En oor die beeste wat in Saron gewei het, was Sítrai, die Saroniet; maar oor die beeste in die vlaktes was Safat, die seun van Adlai.
30 En oor die kamele was Obil, die Ismaeliet; en oor die eselinne was Iegdeia, die Meronotiet.
31 En oor die kleinvee was Jasis, die Hagriet. Hulle almal was owerstes oor die besittinge van koning Dauid.
32 En Ionatan, die oom van Dauid, was raadgewer; hy was 'n man van deursig en 'n geleerde; en Jéhiël, die seun van Hagmóni, was by die seuns van die koning.
33 En Agitófel was raadgewer van die koning; en Húsai, die Arkiet, was die vriend van die koning.
34 En ná Agitófel: Ioiada, die seun van Benaia, en Abiatar; en die leërowerste van die koning was Ioab.

## Solomon kry opdrag om die Tempel te Bou.

**28** Toe het Dauid al die owerstes van Isrhael, die stamowerstes en die owerstes van die afdelings wat in die koning se diens was, en die owerstes oor duisend en die owerstes oor honderd en die owerstes oor al die besittings en vee van die koning en sy seuns, saam met die hofdienaars en die helde en elke dapper man in Jerusalem bymekaar laat kom.
2 En koning Dauid het hom opgerig in staande houding en gesê: Luister na my, my broers en My volk! Ek self het my voorgeneem om 'n huis van rus vir die verbondsark van IEUE te bou en vir die voetbank van onse Aleim, en ek het toebereidsels getref vir die bou.
3 Maar Aleim het aan my gesê: Jy mag vir My Naam nie 'n huis bou nie, want jy is 'n man van oorloë, en jy het bloed vergiet.
4 Maar IEUE, die Aleim van Isrhael, het my verkies uit my hele familie om vir altyd koning oor Isrhael te wees; want Hy het Juda as vors verkies, en in die huis van Juda my familie; en onder die seuns van my vader het Hy in my behae gehad om my koning te maak oor die hele Isrhael.
5 En uit al my seuns--want IEUE het my baie seuns gegee--het Hy my seun Solomon verkies om te sit op die troon van die koningskap van IEUE oor Isrhael.
6 En Hy het aan my gesê: Jou seun Solomon, hy sal my huis en my voorhowe bou, want Ek het hom vir My as 'n seun verkies, en Ék sal vir hom 'n Vader wees.
7 En Ek sal sy koningskap bevestig tot in ewigheid as hy getrou My gebooie en My verordeninge onderhou, soos vandag.
8 Nou dan, voor die oë van die hele Isrhael, die vergadering van IEUE, en voor die ore van onse Aleim: Onderhou en soek al die gebooie van IEUE julle Aleim, sodat julle hierdie goeie land kan besit en julle kinders ná julle tot in ewigheid kan laat erwe.
9 En jy, my seun Solomon, ken die Aleim van jou vader en dien Hom met 'n volkome hart en met 'n gewillige siel, want IEUE deursoek al die harte, en Hy verstaan elke versinsel van die gedagtes. As jy Hom soek, sal Hy Hom deur jou laat vind; maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd verstoot.
10 Kyk nou, IEUE het jou verkies om 'n huis vir 'n heiligdom te bou; wees sterk en voer dit uit.
11 En Dauid het aan sy seun Solomon 'n voorbeeld gegee van die voorportaal en die daarby behorende geboue, van sy skatkamers en

sy bovertrekke en sy binnevertrekke en van die vertrek van die versoendeksel;
12 en 'n voorbeeld van alles wat by hom in die gees was: van die voorhowe van die huis van IEUE en van al die kamers rondom en die skatkamers van die huis van Aleim en die skatkamers van die heilige gawes;
13 en van die afdelings van die priesters en die Leviete, en van al die dienswerk in die huis van IEUE en al die gereedskappe vir die diens in die huis van IEUE;
14 aan goud, het hy gegee, volgens die gewig aan goud vir al die gereedskappe van elke diens; vir al die silwergereedskappe volgens die gewig, vir al die gereedskappe van elke diens;
15 en die gewig aan goud vir die goue kandelaars en hulle lampe volgens die gewig van elke kandelaar en sy lampe; en vir die silwerkandelaars volgens die gewig van 'n kandelaar en sy lampe, ooreenkomstig die diens van elke kandelaar;
16 en die goud volgens gewig vir die tafels van die toonbrode, vir elke tafel afsonderlik, en silwer vir die silwertafels;
17 en vir die vurke en komme en kanne, suiwer goud, en vir die goue bekers volgens die gewig van elke beker afsonderlik, en vir die silwerbekers volgens die gewig van elke beker afsonderlik;
18 en vir die reukaltaar gelouterde goud volgens gewig; en goud vir die voorbeeld van die wa, die gérubs, wat hul vlerke moet uitsprei en die verbondsark van IEUE moet beskut.
19 Dit alles--al die werke van die voorbeeld--het Hy my geleer volgens 'n beskrywing uit die hand van IEUE wat oor my was.
20 En Dauid het aan sy seun Solomon gesê: Wees sterk en vol moed, en voer dit uit; vrees nie en wees nie verskrik nie, want IEUE Aleim, my Aleim, sal met jou wees; Hy sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie, totdat jy al die dienswerk aan die huis van IEUE voltooi het.
21 En daar is die afdelings van die priesters en die Leviete vir elke diens in die huis van Aleim; verder het jy by jou in elke soort werk allerhande kunstenaars, gereed vir elke diens; ook die owerstes en die hele volk vir al jou sake.

## Offerhande om die Tempel te Bou.

**29** Verder het koning Dauid aan die hele vergadering gesê: My seun Solomon, die een wat Aleim verkies het, is jonk en teer, en die werk is groot, want nie vir 'n mens is die paleis nie, maar vir IEUE Aleim.
2 En uit al my krag het ek gereed gelê vir die huis van my Aleim: goud vir die goue en silwer vir die silwer-- en koper vir die koper--, yster vir die yster-- en hout vir die houtwerke; oniksstene en stene om in te lê, swart en veelkleurige stene, en allerhande kosbare stene en marmerstene in menigte.
3 Bowendien, omdat ek behae het in die huis van my Aleim, besit ek persoonlik goud en silwer; dit gee ek aan die huis van my Aleim bo en behalwe alles wat ek vir die huis van die heiligdom in gereedheid gebring het:
4 drie duisend talente goud, uit goud van Ofir, en sewe duisend talente gelouterde silwer om daarmee die mure van die geboue oor te trek;
5 goud vir die goue en silwer vir die silwervoorwerpe en vir al die werk van kunstenaarshand. Wie bied hom dan vandag gewillig aan om sy hand te vul vir 'n offer aan IEUE?
6 Toe het vrywillig gegee: die familie-owerstes en die stamowerstes van Isrhael en die owerstes oor duisend en oor honderd en ook die owerstes oor die diens van die koning.
7 En hulle het gegee vir die diens van die huis van Aleim: aan goud vyf duisend talente en tien duisend darieke; en aan silwer tien duisend talente; en aan koper agttien duisend talente; en aan yster honderd duisend talente.
8 En by wie edelgesteentes gevind is, hulle het dit gegee vir die skat van die huis van IEUE onder toesig van Iéhiël, die Gersoniet.
9 En die volk was bly oor hulle gewilligheid, want met 'n volkome hart het hulle vrywillig aan IEUE gegee, en ook koning Dauid was baie bly.
10 En Dauid het IEUE geloof voor die oë van die hele vergadering, en Dauid het gesê:

U sy geloofd, IEUE, Aleim van ons vader Isrhael van ewigheid tot ewigheid.
11 Aan U, IEUE, kom toe die grootheid en die mag en die heerlikheid en die roem en die majesteit, ja, alles in hemel en op aarde; aan U, IEUE, kom toe die koningskap en die selfverhoging as Hoof oor alles.
12 En die rykdom en die eer kom van U, en U heers oor alles; en in U hand is krag en mag, en in U hand is dit om alles groot en sterk te maak.

13 En nou, onse Aleim, ons loof U, en ons prys U heerlike Naam.
14 Want wie is ek tog, en wat is My volk, dat ons in staat sou wees om sulke vrywillige gawes te skenk? Want dit kom alles van U, en uit U hand het ons dit aan U gegee.
15 Want ons is vreemdelinge en bywoners voor U aangesig soos al ons vaders; ons dae op die aarde is soos 'n skaduwee, en daar is geen verwagting nie.

16 IEUE onse Aleim, hierdie ganse rykdom wat ons berei het om vir U, vir U heilige Naam, 'n huis te bou--dit kom uit U hand en dit behoort alles aan U.

17 En ek weet, my Aleim, dat U die hart toets en behae het in opregtheid; ek het in die opregtheid van my hart al hierdie dinge vrywillig gegee; en nou het ek met blydskap gesien hoe U volk, hier aanwesig, vrywillig aan U gegee het.
18 IEUE, Aleim van Abraam, Isaak en Isrhael, ons vaders, bewaar dit vir ewig, so 'n gesindheid in die gedagtes van die hart van U volk, en rig hulle hart tot U;
19 en gee aan my seun Solomon 'n volkome hart om U gebooie, U getuienisse en U insettinge te hou, en om alles te doen en om die paleis te bou wat ek voorberei het.
20 Daarna het Dauid aan die hele vergadering gesê: Loof nou IEUE julle Aleim. Toe het die hele vergadering IEUE, die Aleim van hulle vaders, geloof; en hulle het gebuig en voor IEUE en voor die koning neergeval.
21 En hulle het daardie volgende dag slagoffers aan IEUE geoffer en brandoffers aan IEUE gebring: duisend bulle, duisend ramme, duisend lammers, met die drankoffers daarvan, en slagoffers in menigte vir die hele Isrhael.
22 En hulle het dié dag geëet en gedrink voor die aangesig van IEUE met groot blydskap, en Solomon, die seun van Dauid, vir die tweede maal koning gemaak en as vors gesalf vir IEUE en Sadok as priester gesalf.
23 So het Solomon dan op die troon van IEUE gaan sit as koning in die plek van sy vader Dauid, en hy was voorspoedig; en die hele Isrhael was hom gehoorsaam.
24 En al die owerstes en die helde en selfs al die seuns van koning Dauid het hulle aan koning Solomon onderwerp.
25 En IEUE het Solomon buitengewoon groot gemaak voor die oë van die hele Isrhael, en Hy het 'n koninklike majesteit op hom gelê wat op geen enkele koning oor Isrhael voor hom gewees het nie.
26 So was dan Dauid, die seun van Isai, koning oor die hele Isrhael;
27 en die dae wat hy oor Isrhael geregeer het, was veertig jaar; in Hebron het hy sewe jaar geregeer, en in Jerusalem het hy drie en dertig geregeer.
28 En hy het in goeie ouderdom gesterwe, afgeleef, vol rykdom en eer, en sy seun Solomon het in sy plek koning geword.
29 En die geskiedenis van koning Dauid, die vroeëre en die latere, kyk, dit is beskrywe in die Geskiedenis van die siener Samuel en in die Geskiedenis van die profeet Natan en in die Geskiedenis van die siener Gad,
30 saam met sy hele koningskap en sy heldedade en die tye wat oor hom en oor Isrhael en oor al die koninkryke van die lande heengegaan het.